# FONTEIN VAN SEËN



ADRIAN EBENS
KEVIN J MULLINS

# Fontein van Seën

Adrian Ebens
Kevin J. Mullins

Gedruk deur

VadervanLiefde.com

September 2020

Tensy anders vermeld is die Ou Afrikaanse Vertaling gebruik.

# Inhoud


Die Seën van die Vader se Vreugde ........ 4

Die Verlies aan Seunskap deur Sonde ........ 8

Geen Sabbat sonder 'n Offer ........ 11

Die Evangelie in die Wet ........ 14

Soos 'n Vloeiende Fontein ........ 19

Seisoene van Verkwikking ........ 21

Uitbreiding van die Seën ........ 23

Getuienis vanaf die Geskiedenis ........ 27

Die Sabbat met Groter Krag ........ 33

Die Klein Horinkie ........ 37

Die Middernagkreet ........ 46

Uit die Duisternis Geroep ........ 51

Die Seën ........ 52

Slot ........ 55

## Die Seën van die Vader se Vreugde

> Psalm 33:8-9 Die hele aarde moet die Here vrees, al die bewoners van die wêreld moet vir Hom ontsag hê, (9) want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar.

Dit sou ongelooflik gewees het om een van die engele te wees ten aanskoue van die Meesterbouer wat hierdie wêreld tot stand gespreek het. Wat nog meer ongelooflik is, is dat hierdie Meesterbouer, "alles geskape het deur Jesus Christus" (Ef.3:9 – 1953 Afrikaanse Vertaling). Hier is nog getuienis wat dit ontbloot:

> Johannes 1:1-3,14 In die begin was die Woord daar, en **die Woord was by God, en die Woord was self God**. (2) Hy was reeds in die begin by God. (3) **Alles het deur Hom tot stand gekom**: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie... (14) **Die Woord het mens geword** en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. (1983-vertaling)

> Kolossense 1:12-17 Met blydskap moet julle die Vader dank... (13) Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van **sy Seun wat Hy liefhet**. (14) Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes. (15) Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. (16) **God het deur Hom alles geskep** wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. **Alles is deur Hom en vir Hom geskep. (17) Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand**. (1983-vertaling)

> Hebreërs 1:1-2 In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, (2) maar nou, **in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.** (1983-vertaling)

Die Seun van God is die Woord van God, God se denke hoorbaar uitgedruk. "Sy Naam is: Die Woord van God." (Openbaring 19:13) Al die Vader se kreatiewe krag was aan Sy Seun gegee om die wêreld tot stand te spreek.

> Matteus 28:18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "**Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.**" (1983-vertaling)

> Johannes 8:28 … en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek..

Soos wat Christus die woorde van Sy Vader gespreek het, het die wêreld tot stand gekom. Soos die gras, bome en blomme deur die gesproke Woord na vore gekom het, het die Vader na Sy Seun gedraai en gesê, "Dit is goed, Seun." Die boek Spreuke gee die woorde van die Seun op daardie tydstip:

> Spreuke 8:22-30 Die HERE het my berei **as eersteling** van sy weg [sien Joh.1:1], voor sy werke, van ouds af. (23) Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. (24) Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, **is ek gebore** [Joh.8:42]; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; (25) voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore; (26) toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie. (27) Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; (28) toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; (29) toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het— (30) toe was ek 'n kunstenaar **naas Hom** [Joh.1:1], en **ek was dag vir dag vol verlustiging (31) en het gespeel voor sy aangesig altyd**. [I was daily his delight, rejoicing always before him – KJV]

Elke dag van die skepping, het die Seun van God die vreugde van Sy Vader in Hom gevoel. Die Seun van God het Hom verbly in die seën van Sy Vader deur die skeppingsproses. Soos elke dag verbygegaan het, het die vreugde en plesier van Vader en Seun gegroei. Terwyl Hulle gesien het hoe Adam en Eva in verwondering staan oor die skepping wat hulle omring, het die Vader en Seun wonderlike vreugde ervaar in die geskenk wat Hulle so vrylik gegee het. Hulle was saam bly in Hul agape (onselfsutige) liefde. En toe, uiteindelik het die Sabbat gekom en terwyl die Vader die werke van die skepping aanskou; terwyl Hy op die berge, dale en riviere en al die wesens wat op die aarde swerf gekyk het, het Hy vreugdevol met Sy Seun gepraat en gesê:

Jy is my Geliefde Seun in wie Ek my verlustig.

Op hierdie dag was die Seun van God deur Sy Vader geseën as "Here óók van die Sabbat" (Lukas 6:5). Die Gees van die Allerhoogste het op Hom gerus en die Seun was verfris.

> Exodus 31:17 … in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.

Die woord *verkwik* in Hebreeuse beteken *blaas op*. Hierdie blaas op die Seun was die Vader se vreugde in Sy Seun. Die Seun het gereageer met verering en aanbidding aan Sy Vader vir alle dinge wat aan Hom gegee is.

> Johannes 3:35 Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.

> Johannes 8:29 En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat **Ek altyd doen wat Hom welgevallig is**.

> Johannes 17:1-7 Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik— (2) **soos U Hom mag oor alle vlees gegee het,** sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. (3) En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. (4) **Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.** (5) En nou, Vader, verheerlik My by Uself met **die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was**. (6) Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en **U het hulle aan My gegee**, en hulle het u woord bewaar. (7) **Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom**.

Die seën wat God in die Sabbat geplaas het en wat elke week in herinnering gebring word, is die verkwikking wat die Seun deur Sy Vader se vreugde ervaar.

> Génesis 2:3 En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.

Elke sewende dag Sabbat word daar op die Seun van God geblaas deur die Vader, in herinnering van daardie vreugde wat Hy vir Sy Seun gevoel het toe

die skeppingsweek voltooi is. Diegene wat in Christus is, ontvang van hierdie seën. Deur Christus Jesus word ons erfgename van hierdie seën.

> Efésiërs 1:3-5 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, (4) soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, (5) deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.

Die grootste geestelike seën wat ons in Christus kan ontvang, is om te weet dat die Vader ons liefhet. In geloof sien ons die Vader Sy arm in heerlikheid om Sy Seun plaas en Hom kus met Vaderlike liefde en sê: "Jy is My Seun; Ek verlustig My in Jou!"

> Johannes 1:18 Niemand het ooit God gesien nie; **die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is**, dié het Hom verklaar.

Wat anders kon die Seun van God ervaar behalwe volledige en volmaakte rus in daardie seën wat oor Hom uitgespreek is. Is daar enigiets anders wat jy begeer as om in die boesem van die Vader te wees en met absolute sekerheid te weet dat Hy jou liefhet en Hom in jou verheug?

Die evangelie bring hierdie voltooide werk na ons.

> Hebreërs 4:2-4 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle [Israel]… (3) Want ons wat geglo het, gaan die rus in, …sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. (4) **Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus**.

Die werk van skepping en verlossing is dieselfde. Beide bring jou in die omhelsing van die Vader om volkome rus en vreugde in Hom te ervaar. Jesus Christus open hierdie ervaring vir elkeen van ons en soos elke sewende dag na ons toe kom, kan ons in dieselfde rus ingaan wat Christus ervaar het sedert die grondlegging van die wêreld. Elke Sabbat kan ons deur die Seun 'n groter mate die vreugde van die Vader smaak. Jesus het net soos ons "vlees en bloed" geword (Heb.2:14). Die woorde wat tot Jesus by die Jordaan gespreek is, "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het," sluit die ganse mensdom in.

Die Vader het tot die Seun as ons verteenwoordiger gespreek. Met al ons sondes en swakhede word ons nie as waardeloos weggewerp nie. Hy het ons begenadig in die Geliefde. (Efé. 1:6).

Dit is die seën soos vervat in die Sabbat. Dit is die verfrissing en hernuwing van die bande van liefde tussen ons en ons Vader deur Christus. Soos die Vader Sy Gees elke Sabbat oor ons blaas, graveer Hy Sy Naam (karakter) dieper op ons siele. Hoe kosbaar is die Sabbatdag vir die kinders van God! O, vir ’n duisend woorde om my groot Verlosser se lof te kan besing. In Hom is ek gekoppel aan die vreugde van my Vader; ek is aanvaar in die Geliefde.

## Die Verlies aan Seunskap deur Sonde

Dit was die toestand van Adam voordat hy geval het. Deur die Seun van God het Adam in die versekering van die Vader se liefde gebly, totdat die vernietiger tussenbeide getree het. Satan het geweier om homself aan die Seun van God te onderwerp; sodoende het hy homself buite die vreugde van Sy Vader geplaas. Die Gees van die Vader se vreugde vloei net deur Sy Seun. As ons die seën en vreugde van die Vader begeer, moet ons uit die fontein drink wat slegs in Christus Jesus gevind word. Toe Satan Christus verwerp het, het hy ook sy eie identiteit as ’n seun van God verwerp. Ten einde ’n seun te wees, moet ons na die Seun kyk, want deur aanskouing word ons verander. Satan het sy seunskap aan God verwerp en begin om die seël van die Vader uit sy gedagtes te vee. Hy het dit vervang met ’n verborgenheid wat hom toegelaat het om homself te aanbid.

> Jesaja 14:12-14 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! (13) En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

As Lucifer onderdanig gebly het aan die Seun van God kon hy voortdurend steeds die genot van die Vader deur Christus ondervind het; deur die Gees van Christus te besit kon hy ’n seun van God gebly het. Ongelukkig het hy dit verwerp en deur sy posisie prys te gee, het hy in die duisternis van waardeloosheid verval. Eségiël 28:12-15 vertel simbolies van die val van

Lucifer. Hy was "vol wysheid en volmaak in skoonheid." Hy was "in Eden, die tuin van God" – in 'n volmaakte toestand. Hy was oortrek met "allerhande edelgesteentes" wat die Vader se kosbare karakter van geregtigheid verteenwoordig. Sy melodieuse stem en sy instrumente vol lofsange aan sy Maker het deur die heelal geklink. Hy het "gewandel tussen vurige gesteentes" wat beteken hy was volkome in harmonie met die wet van God waarop die werklikheid van die lewe funksioneer. (Deut. 33:2, sien King James Bybel). Hy was, vandat hy geskape is, volkome "totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is." Hy het weggestap van die "vurige gesteentes" en van lofsange aan sy Maker. Hy het al die beskuttende kosbare edelgesteentes agtergelaat.

In sy nuwe toestand was alle geluk weg. Die lig om hom en sy volgelinge was nou duister en wanhopig. Sy selfsugtige begeertes om homself bo sy Skepper te verhef, het nou swaar op hom gerus. Skuldgevoelens en veroordeling het oor hom gekom en was die oorsaak van sy hartseer.

> Jesaja 57:20-21 Maar die goddelose is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op. (21) Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie!

Adam en Eva het die somberheid en wanhoop van Satan geërf toe hulle van die vrug geëet het waarvan hulle beveel was om nie te eet nie. Hierdie somberheid en waardeloosheid kom direk van die verlies aan identiteit. Dit was verlore omdat hulle hul rug gedraai het op die Vader se vreugdevolle rus wat in Sy Seun gesetel is. Dit was die hartseer van 'n self-opgelegde weeskind. Hierdie selfde verlies en verdriet bestaan vandag nog:

> 1 Johannes 2:23 Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

Dit is nie moeilik om te verstaan dat wanneer 'n persoon voel hy het min of geen waarde nie, dit in self-vernietigende waardeloosheid manifesteer. Sonde is die manifestasie van die geloof dat die Een wat ons lewe gegee het, nie waarde aan ons heg nie. Die slang het dit in die tuin geïnsinueer.

> Génesis 3:5 maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

Satan het voorgestel dat God 'n seën van Adam en Eva weerhou het. Hierdie opvatting het gelei tot die gedagte dat God hulle nie werklik liefgehad het nie.

Die gedagte dat God ons nie werklik liefhet nie, lei tot sonde, "en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort." (Jak.1:15).

Die oplossing vir sonde is dus die openbaring van die liefde van God aan ons as ons vreugdevolle Vader. Die plek waar hierdie liefde ten volle gemanifesteer word, is in die vreugde wat God teenoor Sy Seun op die eerste Sabbat in Eden uitgedruk het. Die Sabbat is dus die bemiddeling waardeur die Gees van die Vader ons gedagtes herstel na Sy liefdevolle sorg vir ons. Dit is op hierdie dag wanneer Christus sy Gees op ons blaas en dan word ons gedagtes geheilig in 'n begrip van die liefde van die Vader.

Slegs deur Christus ontvang ons die volledige seën van die Vader. Soos Christus se Heerskappy in die Sabbat gevind word, kan ons dus slegs deur die Sabbat die volledige seën van die Vader ontvang. Daarom is die Sabbat die heiligmakende teken of wonderwerk van ons God.

> Eségiël 20:12 Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om ’n teken [Strong’s H226 wonderwerk] te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.

Die kwessie van ons seun- en dogterskap van God is die sleutel tot die stryd tussen Christus en Satan. Satan het dit geopenbaar toe hy aan Christus gesê het:

> Matthéüs 4:3 …**As U die Seun van God is**, sê dat hierdie klippe brode word.

Satan het die seunskap van Christus en hoe dit gedefinieer is, bevraagteken. Die Vader het 40 dae vroeër aan Christus gesê dat Hy Sy Seun is. Sou Christus die Vader se woord glo of probeer om dit deur Sy krag te bewys? Christus het deur geloof in die woord van Sy Vader gerus en vertrou dat God werklik Sy Vader is (Matthéüs 4:4). Deur pogings aan te wend om te bewys dat Hy 'n seun is, sou beteken dat Hy die woord van God nie deur geloof aanvaar het nie. Vir meer inligting omtrent hierdie onderwerp sien die boek *Identiteitsoorlog* beskikbaar op *vadervanliefde.com*.

Soos die Seun van God die seël ontvang van Sy Vader se seën op die eerste Sabbat van die skepping, so word ons ook heeltemal herstel en verseël in ons seunskap met God deur die Sabbat.

## Geen Sabbat sonder ‘n Offer

Sou dit nie 'n eenvoudige ding vir Adam en sy kinders gewees het om elke week op die Sabbat te kom om die Vader se seën te ontvang nie? Sodoende bring dit ‘n herstelproses van die Vader se vreugde in Sy kinders. Ongelukkig was dit nie moontlik nie, want toe Satan weggedraai het van sy seunskap aan God, het hy die gees van seunskap wat in Christus gevind word, verwerp. Trouens, Satan wou die Seun van God van die begin af doodmaak:

> Johannes 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ’n leuenaar is en die vader daarvan.

Toe Adam homself aan Satan onderwerp het, was hy deur 'n weeskindgees oorval wat Christus gehaat het en wat eerder erken wou word as 'n gelyke. Soos Satan in die begin gesê het:

> Jesaja 14:14 Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Dit is onmoontlik om die Vader se vreugde te ontvang as ons weier om te aanvaar dat ons harte van nature in stryd is met die Seun van God. God is lief vir ons, maar ons kan nie Sy liefde ontvang, tensy ons na seunskap terugkeer. Dus, om in die Sabbatsrus in te gaan moet ons erken dat ons eie natuur die Seun van God verloon as gevolg van ons weeskind-denke. Elke begeerte om eerste te wees, elke poging om jouself beter as ’n ander te bewys, elke poging om persoonlike krag te vertoon, om waardeer te word, is altyd 'n poging om die Seun van God te vernietig.

> Jeremia 9:23-24 So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; (24) maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek ’n behae, spreek die HERE.

Om te roem in ons eie wysheid, mag, of rykdom is om nie die Vader te ken nie. Dit is om te ontken dat alles van Hom kom. Die Seun van God is voortdurend in 'n staat van erkenning dat Hy alles van Sy Vader ontvang het.

> Johannes 5:19 Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so.

> Johannes 3:34-35 Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; **want God gee Hom die Gees nie met mate nie** [**sonder enige beperking** – AFR83]. (35) Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.

Dit is dus onmoontlik om die vreugde van die Vader in ons te ontvang wanneer ons nie na Hom kom in die Gees van Sy Seun nie. Die enigste manier om dit te doen, is om te erken dat ons van nature in stryd is met die Seun van God. Ons gesindhede en gedrag is sodanig dat, wanneer ons die kans gegun word, ons Christus sou vermoor.

Die manier waardeur ons hierdie erkenning maak, is om die dood van Christus vir ons te bely. Wanneer ons aanvaar dat Hy vir ons oortredinge gewond was en verbrysel was vir ons ongeregtighede (Jes. 53:5), word die deur na die heiligdom van ons Vader vir ons oopgemaak om Sy seën te ontvang. Elke selfsugtige begeerte wond en martel die Seun van God. Ons durf nie bloot te aanvaar dat Jesus 2000 jaar gelede vir ons gely het nie, maar "vandag as julle Sy stem hoor, verhard nie julle harte nie." (Heb. 4:7). *Vandag* is Hy gewond, *vandag* ly Hy as gevolg van ons selfsug, *vandag* word Hy verag en verwerp deur die mensdom (Jesaja 53:3). Wanneer hierdie werklikheid ons oë open, dan, en slegs dan, kan ons die ware Sabbatservaring ondervind.

**Dit is onmoontlik om in die Sabbatsrus in te gaan wanneer ons nie die offer van Christus aanvaar nie.** Sy dood openbaar ons natuurlike reaksie teenoor Hom en gun ons die geleentheid om om vergifnis te vra. Niemand kan rus in Christus ondervind terwyl hy terselfdertyd Christus kruisig en Hom openlik tot skande maak nie. (Heb. 6:6). Daarom kan ons nie voor die Here met leë hande verskyn nie (Exo. 23:15). Ons moet kom met 'n offer. Ons offer is 'n verslae hart en 'n gebroke gees (Ps. 51:18,19) in erkenning van ons natuurlike selfsug en ons haat teenoor Christus. Ons offer en die Sabbat is altyd gekoppel. Die

een verskaf ingang tot die ander. Hierdie waarhede word bevestig deur die stryd rondom ons identiteit as seuns en dogters van God. Totdat ons dit aanvaar dat ons in ons sondige toestand die Seun van God onder ons voete vertrap, kan ons nooit in ware kindskap tot God ingaan nie. Totdat ons erken dat die lyding van die Seun as gevolg van ons toedoen is, kan ons nie seuns word nie, maar bly ons eerder waardelose mense wat nie kan ophou sonde doen nie. Sonde is die bewys van verlore seun- of dogterskap; dit is 'n bewys dat ons nie rus gevind het in die ware liefde van die Vader nie.

As ‘n geneesmiddel vir sonde sien ons dat die Sabbat 'n baken van hoop word. Wanneer ons die gebroke Verlosser aan die kruis sien, raak ons bewus van dit wat ons sondige begeertes aan Hom gedoen het. Dan kan ons in bekering na God terugkeer en die seën van Christus ontvang en die soet genot wat God vir Sy Seun het, smaak. Ons word aanvaar in die Geliefde en deur geloof behoort al die geestelike seëninge wat Christus besit, aan ons. In hierdie verhouding tot God hou ons op om sonde te doen, omdat ons nie meer Sy liefde in twyfel trek nie; ons vind rus in volmaakte vreugde, met die wete dat die Vader ons altyd sal liefhê en koester en net die beste vir ons wil doen.

Wat 'n kosbare gedagte! Wat ’n verhewe troos het ons in Christus en Sy Sabbat. Op die Sabbat sien ons hoe die Gees van Christus uit die troon van God vloei, dit dra die vreugde van die Vader en soek ingang in alle harte wat vir Hom geopen is. Diegene wat Christus se offer aanvaar en Sy gebooie aanneem, verbind hulself tot die Sabbat en deur geloof gaan hulle in tot al die volheid van seun- of dogterskap van God. Die Sabbat verbind ons met die Vader se vreugde in Sy Seun. Die arm wat om Hom geplaas is, word deur ons geërf. Die vreugde en genot van die Seun word elke Sabbat ons ervaring.

Ons vind dat die kruis, wat die hart van die evangelie is, en die Sabbat, wat die hart van die wet is, mekaar kus en dit laat die welbehae van die Vader aan ons vry, sodat ons saam met Johannes kan uitroep:

> 1 Johannes 3:1-2 Kyk wat ’n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!... (2) Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

> Romeine 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

Die evangelie is 'n openbaring van hoe en wanneer die Vader na ons kom en ons vertel hoe kosbaar ons vir Hom is en hoe lief Hy ons het.

## Die Evangelie in die Wet

Die seisoene van verkwikking van die Here is van die begin af aan die patriarge geopenbaar. Dit is wanneer die Vader se vreugde in Christus geopenbaar sou word. Wanneer die patriarge 'n lam op die vasgestelde tyd, deur geloof geoffer het, sou hulle dan verbind word met die Gees van Christus wat die vreugde van die Vader is en so deur die Gees gelei word om hul seunskap aan God te bevestig.

> Romeine 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

> Johannes 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

Hierdie tye en offergawes wat God ingestel het om Sy kinders te seën, is deur Satan verdraai. Toe Israel Egipte verlaat het, het Christus aan Moses 'n volledige verduideliking van die evangelie deur die gebooie, insettinge en verordeninge van die Here gegee. Hierdie verduideliking het verlore gegaan in Egipte. Die Skrif sê van Abraham:

> Génesis 26:5 …omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het.

Abraham het in harmonie met God se “gebooie, insettinge en wette” gewandel, want God het die ewige evangelie van geregtigheid deur geloof aan hom verkondig (Gal. 3:7-9).

Nadat Moses 40 dae en 40 nagte op die berg spandeer het, het hy van die berg afgekom. Sy gesig het met die hemelse glans van die heerlikheid van die evangelie in die wet van God geskyn. (Exo.34:29-35). Die lig wat op Moses se gesig geskyn het, wat veroorsaak het dat die kinders van Israel hom versoek het om sy gesig te bedek, was nie 'n simboliese lig nie; dit was ware lig. Deur

Golgota te aanskou, het sy aangesig geskyn van die heerlikheid daarvan. Ook het hy gesien hoe die Vader Sy kinders deur middel van die Sabbat en die kruis aan Hom bind.

Voordat die eerste stel gebooie deur Moses gebreek is, het God die Sabbat met die skepping verbind:

> Exodus 20:11 **Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is**, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Later is 'n nuwe stel gebooie gemaak, en God het ook die redding uit slawerny met die Sabbat verbind:

> Deuteronómium 5:15 En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, **en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm**; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou.

In hierdie skrifgedeeltes sien ons dat die Sabbat 'n kanaal is wat ons lei na die Bron van ons bestaan en die Bron van ons verlossing. Die Sabbat is vandag steeds deel van die evangelie, net soos wat dit in die begin was.

> Hebreërs 4:10,11 want wie in sy [God se] rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. (11) Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.

Aan Moses was die spesifieke tye gegee wanneer 'n offergawe vir die nasie geoffer moes word. Die slagoffers en die tyd waarop die offer moes plaasvind, was betekenisvol. Die tyd waarop die offergawes geoffer is, het 'n kanaal geopen waardeur die seën van die Vader gevloei het, net soos toe Hy Sy seën op Sy Seun uitgestort het op die eerste Sabbat na die skepping.

Laat ons ondersoek instel wanneer die offers aangebied moes word volgens die wet.

> 1 Kronieke 23:30-31 en om **môre vir môre** te staan om die HERE te loof en te prys, en net so **saans;** (31) en vir al die offerwerk van die brandoffers aan die HERE op die **sabbatte,** op die **nuwemane** en

op die **feestye**, in getal volgens die verordeninge daarvoor, gedurigdeur voor die aangesig van die HERE.

2 Kronieke 8:12-13 Toe het Salomo brandoffers aan die HERE gebring op die altaar van die HERE wat hy voor die voorportaal gebou het. (13) Daarop moes hulle **na die eis van elke dag** offer volgens die gebod van Moses, op die **sabbatte** en op die **nuwemane** en op die **feestye**, drie maal in die jaar — op **die fees van die ongesuurde brode** en op die **fees van die weke** en op die **huttefees**.

Die wet openbaar dat offergawes geoffer was:

1. Oggend
2. Aand
3. Sabbat
4. Nuwemaan
5. Fees van Ongesuurde Brood
6. Fees van Weke
7. Huttefees

Deur die getal sewe te gebruik vind ons 'n pragtige skakel tussen die offergawes en die Sabbat. In die tabel wat volg voeg ons aan die einde van die jaarlikse siklus 'n paar ekstra sewes by, wat in die wet genoem word.

Die tye vir hierdie offergawes is nie toevallige gebeurtenisse nie. Dit is versigtig gekoppel aan die getal sewe ten einde te onthul dat die Sabbat-Sewe-Beginsel gekoppel is aan al die groot verdelings van tyd. Dit word gevind in elke dag, week, maand en jaar. Die sewende dag is die dag waarop die Vader Sy Seun geseën het toe die ses dae van werk voltooi was. Wanneer die werk voltooi is deur die tydperk van ses eenhede, bied die sewende eenheid 'n tyd vir besinning en om die vreugde van die Vader te smaak en om ons identiteit as kinders van God te hernu.

Omdat die Sabbat God se teken van ons skepping en verlossing is, vereis Hy van sy volk om in sewes te tel sodat hulle nie hul Skepper moet vergeet wat die hemel en die aarde in ses dae gemaak het en op die sewende dag gerus het nie.

| **Tydsduur** | **Gebeurtenis** | **Sesse, Sewes en Rus** | **Verwysing** |
|---|---|---|---|
| 7de Uur | Daaglikse offer | 6 Ure tussen oggend en aand offer. 6 Ure wat Christus aan die kruis gelei het, dan gerus. | Mar.15:25; 15:34; Hand.3:1; Ps.141:2; Núm.28:8 |
| 7de Dag | Sabbat | 6 Dae van werk dan rus | Exo. 20:8-10 |
| 7 Dae | Ongesuurde brood | 7 dae van ongesuurde brood | Lev. 23:6 |
| 7 Weke + 1 dag | Pinkster | Tel 7 weke tot Pinkster dan rus | Lev. 23:15 |
| 7de Maand<br>Tel 7 Mane | Trompette, Versoening, Hutte (7+1 dae) | Tel 6 maande dan 3 feeste in 7de maand | Lev. 23:24-39; Jes. 66:23; 2 Kon. 4:23; Eség. 46:1 |
| 7de Jaar | Land Sabbat | Tel 6 jaar en 7de jaar rus | Lev. 25:3 |
| 7 x 7 Jaar + 1 | Jubilee | Tel 7 x 7 jaar tot Jubeljaar dan rus | Lev. 25:8-10 |
| 7de x 1000 Jaar | Millennium | Tel 6 keer 1000 jaar dan rus | Open. 20:6 |

Is dit moontlik dat ons Vader in elke verdeling van tyd Sy groot liefde vir Sy Seun en vir ons wil neerpen? Die menslike liggaam het 30 triljoen selle wat 10 000 chemiese funksies vervul. Elke sel het een triljoen stukkies data (gelyk

aan die individuele letters in 10 000 boeke). Elke sel vervang homself elke **SEWE JAAR**.

> "Voëleiers broei altyd uit binne tydperke van **veelvoude van sewe dae** nadat dit gelê is. Heneiers broei binne **21** dae uit, eendeiers binne **28** dae, Muscovy eende binne **35** dae, Emperor pikkewyne binne **49** dae, Emu-eiers binne **56** dae, sommige arende binne **35** dae, groot uile binne **28** dae, Cassowary binne **42** dae; almal **veelvoude van SEWE**. Die mens se mentruele siklus is presies **28** dae (dieselfde as die siklus van die maan). Elke stadium van die embrio ontwikkel oor tydperke van **28** dae. Daar is 10 tydperke van 28 dae elk, wat die swangerkap van mense op **280** dae plaas (let op dat dit 40 weke is), wat die aantal weke vir menslike swangerskap is en wat oor en oor in die Bybel gebruik word. Dragtigheidstydperke vir soogdiere is soos volg: **21** dae vir muise, **56** dae vir katte, **28** dae vir hase, **63** dae vir honde, **98** dae vir leeus, **147** dae vir skape. Dit is alles **VEELVOUDE VAN SEWE**. Die eerste beenmurgselle verskyn op plus-minus **49** dae. Hierdie dag het baie spesiale betekenis. Op hierdie dag is die embrio **SEWE** weke oud en word dit as wesenlik VOLTOOI beskou. Afwisselende gevalle van jig, koors en soortgelyke siektes het 'n periode van **7**, **14** of **21** dae wat as kritieke dae bekend staan. Ons word vertel dat die polsslag elke SEWE dae stadiger klop, asof dit ooreenstem met die SEWENDE dag van rus soos aangedui in die Genesis-skeppingsweek. Die gemiddelde polsslag is **70** slae per minuut. "En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde" (Gen. 2: 7); wetenskap bevestig dat die menslike liggaam bestaan uit dieselfde **14** elemente (2 x 7) wat in 'n gemiddelde handjievol grond voorkom. As u sonlig deur 'n prisma stuur, dan lewer dit **SEWE** kleure; die drie primêre kleure en vier sekondêre kleure. Die periodieke tabel van die bekende elemente het **SEWE** periodieke vlakke. Uit hierdie voorbeelde kan ons dus sien dat God 'n patroon van SEWE in die natuur bepaal het. Alle dinge in die natuur - materie, energie, tyd en ruimte - is deur die Here God ONTWERP en georden. Wees daarom verseker dat ons Bybel die heilige onfeilbare meesterhandboek van ware wetenskap is."
> (TheHiddenLighthouse.blogspot.com)

Ons sien dat die getal sewe intiem verweef is in die vorming van lewe, hantering van siektes in sommige gevalle en baie ander dinge in die natuur. Dit

maak dus sin dat die getal sewe ook intiem verweef is binne God se aanbiddingstye.

## Soos 'n Vloeiende Fontein

Daar is 'n pragtige illustrasie in die boek Exodus wat ons 'n dieper waardering gee vir wat gebeur tydens die offerandes.

> Exodus 17:3-6 Maar die volk het daar gesmag na water, en die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders en my vee van dors te laat omkom? (4) Toe het Moses die HERE aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my. (5) En die HERE het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het, in jou hand en gaan weg. (6) Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; **dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom**, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel…

Die rots wat Moses geslaan het, was 'n simbool van Christus wat vir ons gedood is.

> 1 Korinthiërs 10:4 …en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en **die rots was Christus**.

> Matthéüs 26:31 Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: **Ek sal die herder slaan**, en die skape van die kudde sal verstrooi word.

Deur die simbool van die rots wat geslaan is, sien ons die lewende stroom wat voortvloei op die oomblik dat dit getref was. Ons het ook nog 'n simbool hiervan in die dood van Christus aan die kruis.

> Johannes 19:34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom.

Wanneer die simbool van die lam wat geslaan is, gekombineer word met die rots wat geslaan is, vind ons dat die lewegewende strome van verlossing gedurende al hierdie sewes uitvloei. As ons die offer van Christus in die oggend

erken wanneer ons opstaan, open dit die lewende stroom, en word die Vader se verlustiging deur Christus op ons geblaas. Christus is op die “derde uur” gekruisig. (Mar.15:25). Na 'n tydperk van ses ure (op die negende uur) word die aandoffer in herinnering gebring. Dit is die presiese uur wat Christus “met ‘n groot stem geroep” het en gesterf het. (Mar.15:33-37). Die apostels het die negende uur as ‘n gebedstyd geëien.

> Handelinge 3:1 En Petrus en Johannes het saam na die tempel opgegaan <u>op die uur van die gebed</u>, **die negende uur.**

Vir diegene wat die offer van Christus erken en ter herinnering daarvan tot stilstand kom, verskyn die fontein weer en ons kan opnuut die stroom van die Vader se liefde teenoor ons betree.

Dit gebeur elke sabbat, elke nuwemaan, en dan in elk van die vasgestelde feeste wanneer die lam gedood moes word. In elkeen van hierdie vasgestelde tye stuur die Vader aan ons Sy vreugde deur Sy Seun. Wanneer ons die Seun erken, vloei die stroom ons harte binne en word ons in die proses geheilig; in ons rustige seunskap hou ons op om te sondig en dan verklaar ons nie meer ons voormalige selfopgelegde weeskind-waardeloosheid nie.

As die offerstelsel ontwerp was om na een gebeurtenis in sesduisend jaar te verwys, sou dit dan nie slegs in die offer van een lam per jaar of een lam in sewe jaar weerspieël word nie? Stel die offer wat elke dag, week, maand en jaar gemaak is nie die vloei van die stroom van liefde voor wat vloei op die tye wat hierdie offers gebring is nie? As daar op hierdie tye geen lewende stroom was nie, het die dood van duisende diere geen betekenis gehad vir diegene wat die offers gebring het nie. Hulle was dan slegs daar om die toekomstige Messias gedurig voor oë te hou. Dit sou vir Moses onmoontlik wees om die lig wat uit Golgota vloei, op sy gesig te laat skyn indien hy nie in die kosbare stroom van die Vader se vreugde geleef het deur die offer van die Seun van God wat vanaf die grondlegging van die wêreld geslag is nie (Openb.13: 8, King James Version).

Wanneer ons die Sabbat sien as die tyd wanneer die Vader Sy genot in Sy Seun op 'n volledige manier uitdruk, is dit dan regtig so moeilik om in te sien dat dit die Vader se begeerte is om hierdie boodskap binne elke aspek van tyd te stuur? Elke dag, elke week, elke maand, elke jaar, elke sewe jaar, en elke sewe maal sewe jaar plus een jaar roep die Vader na Sy kinders uit. Die lewende

stroom van die Vader se liefde vloei op ons neer in groter mate op hierdie aangewese tye. Wat 'n kosbare gedagte. Dit maak die Sabbat so mooi en skep 'n afwagting. Dink net daaraan. Wanneer jy in die oggend wakker word en oggendgodsdiens hou, kan jy jou hart oopmaak vir jou Vader in ’n groter gewaarwording van die feit dat Sy Gees in daardie tyd werklik oor jou uitgegiet word en vir jou sê: "Jy is my geliefde kind in wie ek ‘n behae het.” Dieselfde gebeur elke aand en dan elke Sabbat, en so gaan dit voort. Is dit iets wat jy begeer? Neem jou bed op en wandel in hierdie insettinge van liefde!

## Seisoene van Verkwikking

Daar is baie wat sou sê: "Ek hoef nie te wag vir enige spesiale tyd om te weet dat ek deur Christus Jesus 'n kind van God is nie. Ek weet dit elke sekonde van elke dag." Sal jy iets soortgelyks aan jou vrou of kinders sê? "Ons het nie spesiale tye nodig om in die besonder aan ons gesin te dink nie, ons weet ons is lief vir mekaar en ons kan dit ter eniger tyd aan mekaar vertel. Daar is geen behoefte aan herdenkings of spesiale gebeurtenisse in ons lewens nie." Sê 'n vrou aan haar man: "Jy weet dat ek jou liefhet en daarom het ons geen spesiale tye van intimiteit nodig om ons verhouding te vier nie."? Dit is 'n duidelike waarheid dat ons seisoene vir alle dinge van die lewe het. Ons eet op vasgestelde tye eerder as om die hele dag te eet. Ons het vasgestelde tye vir werk, speel en slaap. Ons het ook toegewyde tye vir aanbidding waarin ons ander aktiwiteite staak om te fokus op wat ons doen. Dit is 'n Bybelse beginsel wat duidelik geopenbaar word.

> Prediker 3:1 Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar ’n tyd…

Die Bybel vertel ons dat as ons na God se gebooie luister, dan is ons geregtigheid van Hom soos die golwe van die see.

> Jesaja 48:18 Ag, as jy maar na my gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos ’n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see;

Die golwe kom in getye van eb en vloed. So kom die vasgestelde tye van ons Vader deur Sy wette na ons. Elke golf breek op die strand en trek dan terug in die see. Op 'n breër vlak beweeg die gety op die strand en trek dan terug. Op

die nuwemaan en volmaan stoot die see baie hoër op die strand. Al hierdie natuurwonders leer ons hoe die geregtigheid van ons God na ons toe kom.

Let op wat die Skrif ons vertel wanneer die tye van verkwikking plaasvind:

> Handelinge 3:19 Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en **tye** van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom.

Hierdie vers wys ons dat daar *tye* van verkwikking is. Die woord in die Grieks is in die meervoud en vertel ons dat daar meer as een tyd van verkwikking is. Die uitwissing van die sonde spreek oor die verseëling en die verseëling word verbind met die Sabbat.

> Openbaring 7:2-3 En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, **met die seël van die lewende God**; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig (3) en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig **voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie**.

> Jesaja 8:16 Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge.

Die woorde "teken" en "seël" kan verwissel word:

> Romeine 4:11 En hy het die **teken** van die besnydenis ontvang as 'n **seël** van die geregtigheid van die geloof…

> Deuteronómium 6:6-8 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; (7) en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. (8) **Ook moet jy dit as 'n teken [seël] bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees**.

> Eségiël 20:12,20 Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n **teken [seël]** te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig… (20) En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n **teken [seël]** wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is.

Hoe is dit moontlik vir die Sabbat om die seël van God te wees, tensy ons glo dat dit 'n wonderwerk van God tussen ons en Hom is? Wat is daardie wonderwerk? Dit is die tere hart van die kind van God wanneer hy die woorde van die Vader aanvaar: "Jy is my geliefde seun in wie ek ’n behae het." Hy aanvaar hierdie waarheid ten spyte van al sy boosheid teenoor God. Hy glo dat hy vergewe is en rus in die Vader se arms in Christus.

## Uitbreiding van die Seën

Die dinge van die natuur spreek op baie maniere van die liefde van God. Die getye van die see word beïnvloed deur die son en die maan. Gedurende die nuwemaan en volmaan is die getye op die aarde baie hoër. Die Skrif vertel ons dat die son en die maan ook vir seisoene geskep is:

> Génesis 1:14 En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye [H4150]

Die woord *seisoene* in die Hebreeus is *moéd.*

> Strong’s H4150 vanaf H3259; behoorlik 'n afspraak, dit is 'n vaste tyd of seisoen; **spesifiek 'n fees**.

Die *Holman Christian Standard Bible* vertaal dit soos volg: “Dit sal as tekens vir feeste and vir dae en vir jare dien.” Die voetnota dui aan, “Of vir bepaalde tye.”

> Vanuit **John Gill** se **Exposition of the Entire Bible:** “Die Targum van Jonathan [Aramese vertaling] is, ‘en laat dit as tekens dien vir die **feestye**, en om die aantal dae te bepaal om die begin van die maande te heilig, en vir die begin van die jare en die invoeging van maande en jare, die omwentelinge van die son, en die nuwemane en die siklusse.’ Dus interpreteer Jarchi [Middeleeuse Franse Rabbi, ook bekend as Rashi] die ‘seisoene’ as **die heilige feeste**, wat hierna aan die kinders van Israel gegee is; maar hierdie gebruike is nie vir spesifieke mense op spesifieke tye gegee nie, maar vir die hele mensdom solank as wat die wêreld bestaan.”

> **Adam Clarke** se **Commentary on the Bible:** “[Seisoene, Moédim] – Vir die vasstelling van die tye wanneer die **heilige feeste** gehou word. Die woord kom algemeen voor in hierdie sinskonteks; en dit is reg dat **God reg aan die begin van Sy openbaring die mens**

**inlig dat daar sekere feeste is wat jaarliks tot Sy eer gevier moet word.** Sommige dink dat ons die oorspronklike woord kan vertaal as maande, en ons weet dat die maan ‘n belangrike rol speel deur al die omwentelings van tye."

Ons moet met ander woorde die son en die maan gebruik om vasgestelde tye of feeste te bepaal. Hierdie feeste is deel van God se ontwerp selfs voor die aaklike sondeval. Wat baie interessant is, is die beskrywing van die vrou in Openbaring 12.

> Openbaring 12:1 En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die **son** bekleed was, en die **maan** was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre

Hierdie "vrou" is profeties verteenwoordigend van God se mense – Sy getroues. God het gesê, "die mooie en die verwénde…—die dogter van Sion." (Jer.6:2), en "… en aan Sion te sê: My volk is jy!" (Jes. 51:16). Paulus het geskryf, "…ek het julle aan een man [Christus] verbind, om julle as ‘n reine maagd aan Christus voor te stel." (2 Kor.11:2).

In die boek Openbaring is die kerk van God beklee in die tydsberekening van haar God. Die son, maan en sterre word voorsien om die seisoene van verkwikking van die teenwoordigheid van die Here te bepaal. Paulus praat gedeeltelik daarvan toe hy aan die Thessalonicense gesê het

> 1 Thessalonicense 5:1 Maar oor die tye en *geleenthede*, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie;

> 1 Thessalonians 5:1 But of the times and the *seasons*, brethren, ye have no need that I write unto you. (King James Version)

Die woord vir geleenthede (seasons) wat hier gebruik word, is presies dieselfde in die Griekse Ou Testament vir seisoene in Génesis 1:14 (1983-vertaling). Hierdie woord is in Hebreeus *moéd*.

So word die Kerk van God, soos geopenbaar in Openbaring 12, geklee in die lig van God se liefde. Hierdie liefde word geopenbaar in seisoene van verkwikking wat verband hou om in sewes te tel in ooreenstemming met die Sabbat-Sewe-Beginsel. Die Sabbat is die tyd waarin die Vader Sy hoogste vreugde in Sy Seun manifesteer. Ons sien dat die apostel Johannes hierdie kleed dra as hy sê:

> 1 Johannes 3:1 Kyk wat ’n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!

Dit is die kleed wat Christus gedra het toe Hy deur Satan in die woestyn gekonfronteer was. Hy het aan die versekering vasgeklou wat Sy Vader by Sy doop gegee het.

> Matthéüs 3:17 En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.

Die Kerk van God oorwin deur die bloed van die offerlam en die woord van hulle getuienis, en hulle getuienis is dat hulle inderdaad kinders van God is vir wie die Vader lief is. Hierdie getuienis kom veral na hulle toe in die Sabbat-Sewe-Beginsel.

Dus, as ons terugkom na die son en die maan in verhouding tot die getye, sien ons dat die weeklikse Sabbat waargeneem word deur die sewende rotasie van die son in verhouding tot die aarde. Die jaarlikse feeste vind almal in die eerste sewe maande van die jaar plaas en vereis sewe siklusse van die maan in verhouding met die aarde. As die son en die maan 'n effek op die getye van die see het, kan dit ook wees dat, wanneer die weeklikse Sabbat saam met 'n jaarlikse Sabbat val (soos Pasga en die Huttefees), daar 'n vloed van geestelike seën kan wees?

> Johannes 19:31 En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was — **want die dag van daardie sabbat was groot** — het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.

Christus is die Vrydag gekruisig toe dit Pasga was. Net soos wat Christus Sy skeppingswerk voltooi het op die sesde dag van die week en gerus het op die sewende dag (Gén.2:1-3), so het Christus geroep, “Dit is volbring” op die sesde dag van die week en gerus op die sewende dag (Joh.19:30; Luk.23:54-56). Die dag ná Christus se dood was die sewende-dag Sabbat en ook die eerste dag van die ongesuurde brood. Johannes het dit 'n groot Sabbat genoem. Dit was 'n weeklikse Sabbat wat op 'n jaarlikse Sabbat geval het. Die woord in die Grieks kan ook *groot* of *hard* vertaal word. Is dit moontlik dat wanneer die twee sabbatte in lyn is, die stem van ons Vader aan Sy kinders harder praat met ons en dieper in ons harte kom wanneer ons op Sy oproep reageer? Soos

die hoër gety van die see, is dit moontlik dat daar in hierdie tyd 'n hoër gety van die Gees in ons siele praat?

In Númeri hoofstukke 28 en 29 word verduidelik dat die hoeveelheid offerandes, meel en olie verdubbel op die sabbat teenoor die hoeveelheid vir die daaglikse offers. Vandaar volg dit dat dit weer vermeerder op die nuwemane en jaarlikse sabbatte. Meel en olie vorm die brood wat ons Messias voorstel (Joh. 6:48-51). Die betekenis is duidelik – elke sabbat (sowel as op al God se bepaalde tye) ontvang ons 'n dubbele porsie seën van die Heilige Gees – wat die teenwoordigheid van Christus self is. (Gál. 4:6-7).

Die vrou staan op die maan in Openbaring 12. En die boek Psalms vertel ons:

> Psalm 104:19 Hy het die maan gemaak vir die vaste tye; die son ken sy tyd om onder te gaan.

Die Here het die maan vir seisoene of *moéd* aangewys. Wanneer ons luister na ons Vader se stem volgens Sy vasgestelde tye, word Sy stem aan ons harder waargeneem en sê: "Jy is my geliefde kind in wie ek behae het."

Dit is in volle harmonie met die Vader en Seun se verhouding. Soos die Seun van God die afskynsel van die Vader se heerlikheid is, so ook verhelder die jaarlikse vasgestelde tye die Vader se liefde vir ons deur Christus Sy Seun in die weeklikse afspraak. Vir meer oor hierdie beginsel sien die boek *Goddelike Patroon van die Lewe* beskikbaar op *vadervanliefde.com.*

As die apostel Johannes die kombinasie van die eerste dag van ongesuurde brood en die weeklikse Sabbat 'n hoë dag genoem het, wat kan dit dan so verhewe maak behalwe dit waarvoor die Sabbat oorspronklik bedoel was - 'n seën van ons Vader in groter mate. Proe self en ervaar dit.

> Openbaring 14:1 En ek het gesien, en kyk, die Lam staan **op die berg Sion**, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en **die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe**.

Wanneer ons verseël word met Sy Gees word ons verseël met Sy Naam – Sy karakter; dieselfde onselfsugtige karakter waarvan die Sabbat 'n teken is. Die Naam van God (Sy karakter) sal volledig verskyn in Sy mense om die finale getuienis teen Satan se leuens in te bring. God sal hierdie werk doen om "elke

gedagte gevange [te] neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" (2 Kor.10:5) en ons sal ten volle in die rus van God ingaan.

> Openbaring 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam [Christus] het gekom en sy vrou [Sy kerk] het haar gereed gemaak.

Ons kan dit ook sien in die verdeling van die Hebreeuse woord vir die Sabbat – SHABBATH. **SH = Naam** (byvoorbeeld: **Sh**em beteken Naam). **AB = Abba/Vader**. **B = Woning** (Byvoorbeeld **B**etlehem beteken "woonplek van brood" en **B**et-el beteken "woonplek van God"). **ATH = Gelofte/Teken**. As dit saamgestel word wys dit dat die woord *SHABBATH* beteken "**die woonplek van die teken van God.**" Deur in ag te neem dat die Vader se naam verseël sal word in ons voorhoofde, behoort ons niks verder te soek as die teken van die Sabbat – s**ABBA**t.

> Galásiërs 4:6 En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: **Abba, Vader!**

Indien die sewende dag Sabbat 'n morele seën inhou en indien die feeste die naam van die sabbat dra, sal die feeste dan nie ook die seën dra nie? Net soos wat Christus die volle seën van Sy Vader geërf het, net so dra die Sabbat die volle seën oor aan die feeste. Soos wat die Seun van God die afskynsel is van Sy Vader se heerlikheid is, net so is die feeste die afskynsel van die Sabbat se heerlikheid (Heb. 1:3).

Is dit regtig so moeilik om in te sien dat Satan werklik nie wil hê dat mense die volle seën van die hemelse Vader in Christus ontvang nie? Hy sal alles doen om dit te verhoed. Hy het probeer om die heilige feeste en wette te verander. Satan wil nie hê dat jy geseën word nie, my vriend. Hy wil nie hê dat jy aangeraak word deur die soete Gees van Christus wat ons kan ontvang tydens die bepaalde verkwikkingstye nie. Kyk, Hy staan by die deur en klop aan die harte van dié wat honger en dors na die fontein van geregtigheid.

## Getuienis vanaf die Geskiedenis

Tot vandag toe lees die Jode elke Sabbat wat genoem word "Die Tora en die Haftarah." Dit is skrifgedeeltes van die Tora en die Profete wat verbind kan word. Toe Jesus gesê het, "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die

profete te ontbind nie…" (Matt.5:17) het Hy verwys na "die Tora en die Haftarah." Toe Jesus een Sabbatdag uit Jesaja 61:1-2 gelees het, soos opgeteken in Lukas 4:16-21, het Hy die Haftara gedeelte van daardie spesifieke Sabbat gelees.

> Lukas 4:18-19 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; (19) om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; **om die aangename jaar van die Here** aan te kondig.

Vir alle praktiese doeleindes is die kommentators dit eens dat "die aangename jaar van die Here" verwys na die sewende Sabbatsjaar of die Jubeljaar (die vyftigste jaar, nadat sewe Sabbatsjare voltooi is). Dit is beduidend dat Christus Sy openingsrede gee binne die konteks van Sy Mesiaanse sending deur te verwys na die sabbatsjaar. Hierdie jaarsabbatte het die vrymaking van die onderdruktes gekenmerk. Gedurende hierdie tye…

1. Moes die land braak lê, om gratis voedsel aan die armes, die wat onteien is en die diere te voorsien (Exo.23:11; Lev.25:6; Deut.24:19-22; Lev.19:9-10).
2. Skuld is afgeskryf (Deut.15:1-6).
3. Slawe is vrygestel (Exo.21:2-6; Deut.15:12-18).
4. Eiendom is herstel tot die oorspronklike eienaar (Lev. 25:29-34).

Uit die Nuwe Testament en uit die geskeidenis is dit duidelik dat die volgelinge van Jesus hierdie tye van verkwikking gehou het tot lank na die dood van Christus.

> "Oraloor, veral in die Ooste van die Romeinse Ryk, was daar Joodse Christene wie se lewenstyl baie ooreengekom het met dié van die Jode… Vir hulle was die nuwe verbond, ingestel deur Jesus tydens die Laaste Avondmaal saam met sy dissipels en verseël deur Sy dood, nie 'n wegdoening van die verbond wat God met Israel gemaak het nie. **Hulle het steeds die Pasgafees, Pinksterfees en Huttefees gevier**; hulle is steeds besny; **het die weeklikse Sabbat onderhou** en gehou by die wette van Moses omtrent voedselsoorte…

tot en met die val van Jerusalem in 70n.C. was hulle die dominante element in die Christelike beweging." (Vry vertaal uit W.D. Davies, *Paul and Jewish Christianity*, p. 72).

**Die Sabbat:** Mar. 1:21; 6:2; Luk. 4:16, 31; 6:6; 23:56; Hand. 13:14; 42-44; 15:21; 16:13; 17:2; 18:4. Let op dat die sabbat, beide weekliks en jaarliks, bepaal word deur die son, dit begin wanneer die son ondergaan. Lev. 23:32; Neh. 13:19. Die weeklikse Sabbat begin Vrydagaand met sonsondergang en eindig Saterdagaand met sonsondergang. Jesaja het geprofeteer dat die mense van God die Nuwemaan en die Sabbatte op die nuwe aarde sal onderhou. Jes. 66:22-23.

"**Primitiewe Christene het 'n groot eerbied vir die Sabbat gehad**, en het die dag deurgebring met oordenkings en preke. Dit moenie in twyfel getrek word **dat hierdie beginsel afgelei is van die Apostels**, soos wat in 'n hele paar Skrifgedeeltes, vir hierdie doel, genoem word." (Vry vertaal vanuit Dialogues on the Lord's Day, p. 189. London: 1701, By Dr. T.H. Morer; *A Church of England Divine*)

"...Die Sabbat was 'n sterk band wat hulle verenig het met ander mense, en **deur die Sabbat te heilig het hulle Jesus se opdrag uitgevoer en Sy voorbeeld gevolg.**" (Vry vertaal uit *Geschichte des Sonntags*, pp.13,14).

"**Die antieke Christene het die Sabbat, of die sewende dag, met groot omsigtigheid geheilig**... Dit is duidelik dat al die Oosterse kerke, en ook <u>die grootste deel van die wêreld</u>, **die Sabbat onderhou het as 'n feesdag**.... Atanasius vertel van godsdienstige byeenkomste wat op die Sabbat gehou is, **nie omdat hulle beïnvloed is deur Judaïsme nie, maar om Jesus, die Here van die Sabbat, te aanbid**, Epiphanius bevestig dit." (Vry vertaal uit *Antiquities of the Christian Church*, Vol.2 Book XX, chap. 3, sec.1, 66. 1137,1138).

**Die Nuwe Testament omtrent Pasga/Fees van Ongesuurde Brode:** Luk. 22:13-16. Let op dat Jesus Sy volk opdrag gee om voort te gaan met die vier van die Pasga, nie met bloedoffers nie, maar met ongesuurde brode en ongesuurde wyn (wyn wat ongegis is). Hy noem dat die fees van die Pasga nie tot niet gemaak is deur Sy dood nie, maar dat dit "in die koninkryk van God vervul" sal word, hier verwys Hy na die "bruilofsmaal van die Lam" (Open. 19:9);

Hand 12:4. Let op dat die Afrikaanse Bybel verwys na die paasfees, maar die Griekse woord is pascha (Pasga); Hand. 12:3; 20:6; 1 Kor. 5:6-8. Let op dat daar geen rede sal wees vir Paulus om hul optrede tydens die Pasga te korrigeer indien dit nie nodig is vir Christene om dit waar te neem nie. Die probleem lê hier nie by die fees self nie, maar by die lering en optrede tydens die fees. Die kerk in Korinthe het 'n paar Jode ingesluit (1 Kor. 7:18-19) maar het grootliks bestaan uit bekeerde heidene (1 Kor. 6:9-11; 8:7; 12:2).

Een van Johannes se dissipels skilder 'n prentjie van wat Johannes geglo het. Johannes het geglo dat die waarneming van die Pasga deel is van die evangelie.

Polycrates (195 n.C.): "Daarom gedenk ons die dag sonder afwyking, sonder om by te voeg of weg te neem daarvan, want in Asië het groot ligte reeds ontslaap, en hulle sal opstaan op die dag van die wederkoms van die Here, wanneer Hy met die heerlikheid van die hemel sal kom en al die heiliges sal oproep. Daar was Filippus… en twee van sy dogters… **Daar was ook Johannes wat op die bors van Jesus gelê het**… en daar was ook Polikarp in Smirna, beide 'n ouderling en 'n martelaar, en Thraseas, beide ouderling en martelaar, van Eumenaea… [ook] Sagaris,…, Papirius, … en Melito… **Al hierdie mense het op die veertiende dag die Pasga gehou, <u>in ooreenstemming met die evangelie</u>, om nie in die minste af te wyk nie, maar navolgers te wees van die reël van die geloof.** En laaste van almal, sal ek, Polekrates, die minste van almal, optree volgens die tradisie van my familie, sommiges van wie ek wel volg; want sewe van hulle was biskoppe en ek is die agste, en my mense het nog altyd die dag onderhou waarin ons die suurdeeg wegbêre. Dus is ek, liewe vriende, nadat ek 65 jaar gedien het in die diens van die Here en met baie christene van verskillende wêrelddele gesprekke gevoer het, en nadat ek die Heilige Skrifte noukeurig ondersoek het, is ek nie bevrees vir bedreigings nie. Beter mense as ekself het gesê: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense." (Vry vertaal uit: Eusebius. *Church History*, Boek V, Hoofstuk 24; *Nicene and Post-Nicene Fathers*, Reeks Twee, Volume 1).

**Eerste Vrugte:** Hierdie fees word nie spesifiek genoem in die Nuwe Testament nie, maar die simboliese betekenis word verduidelik in 1 Kor. 15:20-23. Eség. 45:21 sê, "In die eerste maand, op die

veertiende dag van die maand, moet vir julle die pasga wees; op die sewedaagse fees moet ongesuurde brode geëet word." Hier word verduidelik dat Pasga oor die hele tydsduur van Ongesuurde Brode strek. Dit sluit die Eerste Vrugte in wat val op die eerste dag na die eerste Sabbat gedurende die dae van ongesuurde brode.

**Fees van Weke/Pinkster**: Hand. 2; 20:16.

**Trompetfees**: Daar word nie na hierdie fees in die Nuwe Testament verwys nie, maar die simboliese betekenis word uitgebeeld in 1 Kor. 15:52; Openb. 8:2,6.

**Versoendag:** Hand. 27:9. (Let op dat die term "die vastyd" na die Versoendag verwys, wat meestal as 'n vasdag gereken is.) Open.11:18-19. Op die Versoendag, Yom Kippur, het die hoërpriester in die Allerheiligste van die Heiligdom ingegaan waar die verbondsark was. Hier het hy die heiligdom simbolies gereinig deur die mense te reinig van die leuens wat Satan teen God onder die mense gesaai het. Lev. 16; Dan. 8:14. Die fees van Trompette en die Versoendag is histories gereken as 'n plegtige tyd van verseëling en van oordeel. Sien Openb. 14:6-7.

**Huttefees**: Johannes 7. Daar is nie verdere verwysing na hierdie fees in die Nuwe Testament nie, maar die simboliese eindtydbetekenis word aangedui in Openb. 21:3. (Let op dat Sagaria hoofstuk 14 verwys na die mense van God wat hierdie fees hou selfs ná die wederkoms van Christus.)

Wanneer jy aanvaar dat die vreugde van die Vader aan Sy kinders deur Christus gegee word in die Sabbat-Sewe-Beginsel, is dit 'n eenvoudige ding om al die vasgestelde tye van die Here as deel van die evangelie te beskou.

Daar is baie wat glo dat die feeste van die Here nie eintlik geestelike feeste was vir diegene wat voor die Kruis geleef het nie. Hulle glo dat die feeste simbolies van Christus se werk, slegs honderde jare na hul tyd, was. So 'n geloof ontken die werk van Christus in die evangelie voor die kruis en dat die lig van Golgota uit die gesig van Moses geskyn het. **Daar is net een manier waarop jy rus kan kry, en dit is deur die Gees van Christus.** Al die volgende tekste spreek van rus, die rus in die Vader se vreugde in Christus.

Exodus 16:23 Toe sê hy vir hulle: Dit is wat die HERE gespreek het: Môre is dit **rusdag** [H7677 – Shabbathon], 'n heilige sabbat van die HERE.

Exodus 31:15 Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome **rus** [H7677 – Shabbathon], heilig aan die HERE. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word

Levítikus 16:30-31 Want op hierdie dag moet hy vir julle versoening doen om julle te reinig; van al julle sondes moet julle voor die aangesig van die HERE rein word. (31) 'n Dag van volkome **rus** [H7677 – Shabbathon] moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Dit is 'n ewige insetting.

Levítikus 23:24 Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n **rusdag** (**sabbat** - KJV) [H7677 – Shabbathon] wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.

Levítikus 23:39 Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit **rusdag** (**sabbat** – KJV) [H7677 – Shabbathon], en op die agtste dag is dit **rusdag** (**sabbat** – KJV) [H7677 – Shabbathon].

Let daarop dat vir elk van die bogenoemde tye die woord Shabbathon gebruik word. Die woord hier is die *rus* wat in Christus gevind word. Dit is onmoontlik om te rus of om te *sabbat* buite Christus.

Matthéüs 11:28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle *rus* gee

Die woord *rus* wat deur Christus gebruik word, is die Griekse ekwivalent van *Shabbathon*. Daarom kan die vierde gebod slegs binne die evangelie gehou word, 'n evangelie wat die Vader se vreugde deur die Gees van Christus na ons bring.

## Die Sabbat met Groter Krag

Ons het gesien dat die ware Sabbatsonderhouding Sy rus is (Heb. 4:11), nie ons eie nie. God het nie gerus omdat Hy moeg was nie: "Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; **Hy word nie moeg of mat nie**." (Jes. 40:28). Dit is die rede waarom rus van jou eie werk op die sewende dag as 'n "diens" wat jy verrig, glad nie sabbatsonderhouding is nie. Dit is wat Jesus aan die Joodse luisteraars probeer tuisbring het tydens Sy oproepe tot bekering en om "die rus van God" te beleef deur te rus binne Sy skeppingswerk wat Hy so graag in die mens wil doen. Hy wil ons omskep in 'n nuwe (onselfsugtige) mens en ons herstel na Sy gelykenis en na Sy beeld. In Matt.11:28 (hierbo aangehaal) wys Jesus daarop dat slegs Sy teenwoordigheid iets kan heilig en ware rus kan bring.

> Eksodus 33:14 Toe het die Here gevra: "Moet Ek self **saamgaan** en vir jou **vrede** gee?" (1983-vertaling)

> Exodus 33:14 And he said, My **presence** shall go with thee, and I will give thee **rest.** (KJV)

Ek was my lewe lank 'n Sabbatsonderhouer. Ek het in hierdie tyd voortdurend kerkdienste bygewoon. Die Sabbat was vir my verduidelik as 'n spesiale tyd vir gemeenskap met die Here. Dit is Sy spesiale dag. Nie een keer gedurende daardie tyd was dit aan my verduidelik dat die Sabbat eintlik 'n spesiale gawe van die Heilige Gees is nie. Toe ek die geskrifte van A.T. Jones omtrent die Sabbat bestudeer het, het ek op die volgende stelling in een van sy preke afgekom:

> Wat was dit wat die dag heilig gemaak het? [Gemeente: "Die teenwoordigheid van God."] **Die teenwoordigheid van God maak dinge heilig. Dit maak 'n plek heilig. Dit maak 'n mens heilig. Die teenwoordigheid van God het die dag heilig gemaak. Dan is die heiligheid van God aan die dag gekoppel**. Die teenwoordigheid van God, Sy heilige teenwoordigheid, is gekoppel aan die sewende dag of Sabbatdag. **Wel, wanneer die mens na die dag toe kom, soos slegs die mens daarna kan kom, met 'n geestelike ingesteldheid - met die gemoed van God se Gees - en die geestelike rus ontvang, die geestelike verkwikking wat daarin is, die geestelike seën wat daarin is, ontvang hy nie ook daardie teenwoordigheid nie, word 'n deelnemer van**

**daardie teenwoordigheid, waarin die heiligheid van God is om hom te verander? Hy doen wel. En dit is Sabbatsonderhouding**.

Wel, dan het Hy die dag geheilig, maar ek het nie nodig om daardie tekste ook te herhaal nie. Wat is dit wat heilig maak? [Gemeente: "Die teenwoordigheid van God."] Dan is die teenwoordigheid van God, Sy heiligende krag, in die sewende dag. Is dit so? [Gemeente: "Ja."] **Dan sal die mens wat na die Sabbat van die Here kom volgens die Here se idee van die Sabbat van die Here, en met sy voorneme, geestelike rus kry. Hy vind dit daar. Hy vind geestelike verkwikking, vreugde; hy vind geestelike seën. Hy vind die teenwoordigheid van God en die heiligheid wat daardie teenwoordigheid bring om hom te verander**. En hy vind daardie heiligmakende krag in daardie teenwoordigheid wat die dag geheilig het.

Vir watter doel was dit alles gedoen? Waarom was die sabbat gemaak? [Gemeente: "Vir die mens"; Markus 2:27]. Dit is vir die mens gemaak. **Wel, dan het God gerus en Sy geestelike rus op die dag geplaas vir die mens, het Hy? [Gemeente: "Ja."] God se verkwikking, Sy vreugde in daardie dag was vir die mens. Die seën waarmee Hy dit geseën het, was vir die mens**. Die heiligheid wat Sy teenwoordigheid daaraan gebring het en wat Sy teenwoordigheid daaraan gegee het, was vir die mens. Sy teenwoordigheid wat dit heilig, was vir die mens. Wel, was dit dan nie dat die mens deur die Sabbat 'n deelnemer van Sy teenwoordigheid kon wees; om deur die lewende ervaring met die geestelike rus van God kennis te maak, die geestelike seën, die heiligheid, die teenwoordigheid van God om heilig te maak, die teenwoordigheid van God om hom te heilig? **Is dit nie wat God in die Sabbat bedoel het om na die mens te bring nie? Wel, die man wat dit alles in die Sabbat kry, is die man wat 'n Sabbatsonderhouer is. Hy weet dit ook. Hy weet dit en hy is verheug om dit te weet**.

Nog 'n ding: Wie was die ware teenwoordige agent in die skepping? [Gemeente: "Christus."] **Wie was dit wat gerus het? [Gemeente: "Christus."] Wie was verkwik? [Gemeente: "Christus."] Wie het geseën? [Gemeente: "Christus."] Wie se teenwoordigheid het dit heilig gemaak? [Gemeente:**

**"Christus s'n"] Wie se teenwoordigheid is in die dag? [Gemeente: "Christus s'n."]** Dus, die mens wie in die teenwoordigheid van Jesus Christus nie geheilig word nie en nie heilig maak nie en nie seën nie en aan wie dit nie rus bring nie, kyk mooi, hy kan nie die Sabbat hou nie**. Sien u nie, dit is net met Christus in die mens wat die Sabbat onderhou kan word; omdat die Sabbat die teenwoordigheid van Christus bring en daarin die teenwoordigheid van Christus dra.** (Vry vertaal vanuit *A.T. Jones GCB (General Conference Bullitin) Preek* 20, 1893)

A.T. Jones onthul noukeurig dat die seën in die Sabbat die teenwoordigheid van God en die teenwoordigheid van Christus is. Dit was nog nooit voorheen op hierdie wyse aan my verduidelik nie. Waarom word dit nie aan die nasies uitgebasuin dat die volle mate van die gawe van die Heilige Gees in die Sabbat gevind word nie? Dit is die enigste moontlike manier waarop die Sabbat die seël van God kan wees, want ons is verseël deur die Heilige Gees.

> Efèsiërs 4:30 En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle **verseël** is tot die dag van verlossing**.**

> Efèsiërs 1:13 …in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, **verseël is met die Heilige Gees van die belofte**…

Die belofte van die Heilige Gees kom na ons gedurende die seisoene van verkwikking. Die Heilige Gees word aan ons beloof op die vasgestelde tye. Om hierdie punt te illustreer, kyk ons na die tydsberekening van die beloofde gawe van die Heilige Gees ná die opstanding van Christus.

> Handelinge 1:7-8, 2:1-2; 4, 7-8, 13-15 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; (8) maar **julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom**, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde… (2:1) En toe **die dag van die pinksterfees** aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar**.** (2) En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het… (4) **En hulle is almal vervul met die Heilige Gees** en het

> begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek… (7) en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? (8) En hoe hoor ons *hulle*, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?... (13) Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn. (14) Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegespreek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde. (15) Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar **die derde uur in die môre.**

Die Heilige Gees is uitgestort met groot krag na sewe weke plus een dag, na die fees van Eerste Vrugte. Dit het gedurende die derde uur gekom, die tyd van die oggendoffer.

Ons onthou dat daar elke dag 'n gawe van die Gees is, volgens die oggend- en aandoffer. Die oggendoffer was op die derde uur gebring en die aandoffer was na 'n periode van ses ure gebring. Die gawe van die Gees het gekom op die vasgestelde tyd van Pinksterdag teen die tyd van die oggendoffer. Dit is nie 'n toevallige gebeurtenis nie, maar presies volgens die tydsberekening van ons Vader. Die vrou wat op die maan staan en met die son beklee is, het geweet om gedurende hierdie vasgestelde tyd bymekaar te kom om 'n seën van ons Vader deur die Here Jesus te ontvang.

Daar is dus inderdaad 'n spesiale seën wat elke dag kom. Dit kom tydens die oggend- en die aandoffer. Vir ons vandag beteken dit 'n byeenkoms vir oggend- en aandgodsdiens om die gawe van ons Vader te ontvang deur erkenning van die offer van ons Verlosser.

Vir jare het ek oggend- en aandgodsdiens baie moeilik gevind. Noudat ek weet dat dit spesiale vasgestelde tye van ons Vader is om 'n daaglikse gawe van Sy Gees te ontvang, is dit 'n genot. Dit is nie 'n werk wat gedoen word om verlossing te verdien nie, maar eerder om die geregtigheid van Christus deur geloof te ontvang en te kom wanneer Hy roep. Wil jy die gawe van die Gees ontvang wat soggens en saans kom? Het jy so 'n gawe nodig? As ons Vader dit aan ons bied, beteken dit dalk dat ons dit nodig het.

> Jesaja 58:13-14 As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat **'n verlustiging** noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as

> jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; (14) **dan sal jy jou verlustig in die HERE**, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek.

'n Ware Sabbatsonderhouer is een wat glo dat ons Vader Sy Gees aan ons op vasgestelde tye stuur. Net soos ons op vasgestelde tye eet en vir vyf of ses ure deur die krag van die maaltyd gedra word, ontvang ons ook gawes van die Gees op vasgestelde tye en wandel in die krag wat in daardie bepaalde tye ontvang is. Dit is die Sabbat in groter krag.

Waarom verkondig die regverdiges die Sabbat met groter krag? Dit is omdat hulle deur die Sabbat spesiale gawes van die Heilige Gees ontvang. Wil Satan hê dat mense hierdie dinge moet ontvang? Beslis nie! Let op:

> Openbaring 12:17 En die draak was vertoornd op **die vrou**, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge **wat die gebooie van God bewaar** en die getuienis van Jesus Christus hou.

Die mense van God bewaar en gehoorsaam die gebooie van God. Dit is die rede waarom Satan deur die klein horinkie se mag gewerk het om die tye van die heilige feeste te verander.

> Daniël 7:25 En hy [die klein horinkie] sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en **hy sal probeer om TYE en wet te verander**, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende ’n tyd en tye en die helfte van ’n tyd.

‘n Aanhaling uit “Die Boodskap” stel dit so:

> Daniël 7:25 Hy [die klein horinkie] sal vieslike dinge teen die Allerhoogste sê en die mense wat aan die Allerhoogste behoort, onderdruk en bitter swaar laat ly. **Hy sal sy bes doen om hulle godsdienstige voorskrifte en feeste te verander**. Hy sal vir ’n vasgestelde tyd oor die mense van die Allerhoogste regeer.

## Die Klein Horinkie

By die aanvang van hierdie gedeelte moet ons dit duidelik stel dat ons nie enigeen veroordeel nie. Enigeen wat ander oordeel en veroordeel, sal homself

oordeel en veroordeel, want ons doen dieselfde dinge. (Rom.2:1; Matt.7:1-2). Ons het almal gesondig en ontbreek aan die heerlikheid (karakter) van ons nie-veroordelende Vader (Rom. 3:23). Gebeure in die menslike geskiedenis is maar die uitgebreide verheerliking van *ons* gevalle natuur se haat teenoor die Seun van God, wat aangehits word deur die meestervyand Satan. Hierdie gebeure is skadus en bewyse van die geestelike stryd tussen waarheid en leuen – die groot stryd tussen Christus en Satan.

Hoedanig is hierdie heilige feeste en wette verander? Hierdie vraag benodig 'n studie van die geskiedenis om die lang hartseer verhaal te ontbloot oor die Klein Horinkie wat die Sabbat en die feestye verander het. Die boeke *Die Groot Stryd* en *Lewenskwessies*, beskikbaar op *vadervanliefde.com*, gee 'n omvattende oorsig op hierdie geskiedenis. Hier sal ons hou by 'n eenvoudige beskrywing van die identiteit en die aktiwiteite van die Klein Horinkie om hierdie vraag omtrent die verandering van die feestye en die wette aan te spreek.

Vroeg in hoofstuk sewe van Daniël word gepraat van die mag van 'n "ander horinkie" wat opkom uit die vierde dier van die visie. Die engel Gabriël het aan Daniël uitgelê dat hierdie vier diere vier koninkryke voorstel. Sy woorde omtrent die vierde dier:

> Daniël 7:23-24 Só het hy gesê: Die vierde dier—die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind … (24) En die tien horings—uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een [die klein horinkie] sal ná hulle opstaan, en hy sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp.

Ons sal nie al hierdie besonderhede bespreek nie, maar ons wil graag uitlig dat Bybelkenners reeds vir eeue lank weet wie die vier koninkryke is: Babilon (verteenwoordig deur die leeu); Medo-Persië (verteenwoordig deur die beer); Griekeland (verteenwoordig deur die luiperd) en Rome (verteenwoordig deur die vierde skrikwekkende dier wat tien horings gehad het). Daniël sien hoe die klein horinkie uitkom tussen die ander horings op die vierde dier (sien vers 8), dus moet hierdie mag verrys uit Rome. Rome het twee fases gehad tydens sy heerskappy – heidense Rome en pouslike Rome. Toe die pouslike Rome begin oorneem het, het die kerk van Rome al die heidense dogma in die Roomse Katolieke Kerk ingebring en het haar dogma deur die Staat op die mense begin

afdwing. Dus is hierdie vierde koninkryk inderdaad “verskillend van al die diere,” want dit is ‘n godsdienstig-politieke mag omdat die staat deur die kerk beheer word.

In Daniël hoofstuk 8 sien Daniël dieselfde klein horinkie in sy politieke heidense fase: “dit het baie groot geword na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe.” (Dan. 8:9). Dan begin die pouslike fase oorneem in vers 10 wanneer dit in godsdienstige sake betrokke raak.

> Daniël 8:10-12 En dit het groot geword tot by die leër van die hemel en het sommige van die leër, naamlik van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap. (11) Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, … (12) …en **dit het die waarheid op die grond neergewerp** en in sy optrede voorspoed gehad.

Om die waarheid op die grond neer te werp is simboliese taal om die metodes en waarhede van God te herstruktureer in ‘n menslike raamwerk. Hierdie stelsel sou God se koninkryk vertoon binne die raamwerk van al die dierlike koninkryke van die wêreld. God se koninkryk sou “verander” word van een van liefde en vryheid na ‘n koninkryk van stryd en dwang.

As gevolg van die mens se sondeval is dit in ons natuur om God se vergifnis te wantrou. Sonde het ons ingesteldheid teenoor God verander, deurdat ons onder die indruk verkeer dat ons God moet beïndruk met ons dade en goeie meriete om deur Hom aanvaar te word. Net soos Judaïsme dwarsdeur die geskiedenis gedoen het, het die Kerk van Rome die wet van God vertoon as ‘n wetlike kode wat afdwingbaar is met strafmaatreëls vir dié wat dit verbreek. Gedurende die “Donker Middeleeue” is ons konsepte omtrent die wet van God verander van ‘n geestelike wet (Rom.7:14) na ‘n arbitrêre lys reëls wat ons kan verander of selfs herroep. Hierdie slegte teologie het selfs die moderne Protestante Christenskap grootliks beïnvloed. Satan het ons mislei deur ons te laat dink dat indien ons een van God se wette oortree, God Sy geregtigheid laat geld deur ons te straf met plae, siekte en selfs die dood. Maar God se wette funksioneer nie soos menslike wette nie. God se wette is ontwerp om Sy karakter weer te gee. Dit is die wet van liefde waarop die werklikheid van die lewe funksioneer. Ja, “die loon van die sonde is die dood” (Rom. 6:23) en “sonde is wetteloosheid” (1 Joh.3:4), maar dit is nie God wat sondaars om die lewe bring omdat Sy wette oortree is nie. Die dood is die NATUURLIKE gevolg van ‘n lewe van sonde. Net soos wat die dood ‘n NATUURLIKE gevolg is as daar

uit ‘n vliegtuig op ‘n hoogte van 10 000 meter sonder ‘n valskerm gespring word.

> Jakobus 1:14-15 Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. (15) Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit **sonde**; en as die **sonde** tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.

Wanneer ons kies om buite die wil van God te beweeg, sonder God se beskermende wet/heining, sal God nie tussenbeide tree nie; ons sal maai wat ons gesaai het. God is nie ‘n onregmatige Vader nie. Hy is nie ‘n bloeddorstige tiran nie. Hy is altyd ‘n "barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou." (Exodus 34:6). Toe sonde in die wêreld gekom het, het God en Sy wet nie verander nie. God se wet is ‘n afskrif van Sy goddelike karakter van geregtigheid.

> Jesaja 51:6-8 Slaan julle oë op na die hemel en aanskou die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos ‘n kleed verslyt en sy bewoners soos muskiete sterwe; maar my heil sal vir ewig bestaan en <u>my geregtigheid nie verbreek [weggedoen] word nie</u>. (7) **Luister na My, julle wat die <u>geregtigheid</u> ken, volk in wie se hart <u>my wet</u> is!** Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie; (8) want die mot sal hulle opeet soos ‘n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar <u>my geregtigheid sal vir ewig bestaan</u> en my heil van geslag tot geslag.

Die enigste ding wat na die sondeval verander het, was ons. Ons gedagtes, ons karakters, ons persoonlikhede het verander. Ons denke omtrent God het verander. Ons beskou Hom nie meer as ‘n liefdevolle vergewende Vader nie, maar beskou Hom as ‘n vertoornde God wie se geregtigheid vereis dat enigeen wat Sy wet oortree, sekerlik sal sterf. Dit was die geval in die voorbeeld wat ons het van Adam en Eva wat van die verbode vrug geëet het. Hulle het hulself weggesteek van die teenwoordigheid van God af. Toe hulle ondervra is, het Adam geantwoord, "Ek het u geruis gehoor in die tuin **en gevrees**, want ek is naak; daarom het ek my verberg." (Gen.3:10).

Luister bietjie hoe Satan die Kerk van Rome mislei het en die grootste deel van die wêreld oortuig het dat die wet van God ‘n arbitrêre lys reëls is wat verander en herroep kan word:

> "Die pous het die mag om **tye te verander**, om **wette te herroep** en om af te sien van alle dinge, <u>selfs die voorskrifte van Christus</u> … Die pous het die gesag, en het dit al uitgeoefen, <u>om weg te doen met die gebod van Christus</u>." (Vry vertaal uit *Decretal, de tranlatic Episcop. Cap*. [The Pope can modify divine law], *Ferraris' Ecclesiastical Dictionary*).

> "Die Presbiteriane, Baptiste, Metodiste en alle ander Christene moet herinner word dat die Bybel hulle nie ondersteun in hul herdenking van die Sondag nie. Sondag is 'n instelling van die Rooms-Katolieke Kerk en dié wat die dag onderhou, doen dit in opdrag van die Katolieke Kerk." (Vry vertaal uit *Priest Brady*, Elizabeth, N.J. "News" of 18 March 1903).

> "Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag, want die Katolieke Kerk het die heiligheid van Saterdag na Sondag oorgedra." (Vry vertaal uit Peter Geiermann, CSSR, *A Doctrinal Catechism*, 1957 edition, p. 50).

> "Ons het die verandering gemaak van die sewende dag na die eerste dag, van Saterdag na Sondag, op gesag van die heilige Katolieke apostoliese kerk can Christus." (Vry vertaal uit Bishop Symour, *Why We Keep Sunday*).

> "Protestante … aanvaar Sondag eerder as Saterdag as die dag van aanbidding omdat die Katolieke Kerk die verandering gemaak het… Maar die Protestante denker besef dit nie … deur die Sondag te herdenk, aanvaar hulle die gesag van die verteenwoordiger van die kerk, die Pous." (Vry vertaal uit *Our Sunday Visitor*, February 5, 1950).

Die Roomse Kerk het nie net die Sabbat verander nie, maar ook God se feeste:

> "… Die Katolieke Kerk het nie alleen die Sabbat nie, maar ook al die ander [sogenaamde] Joodse feestye, verander." (Vry vertaal uit Bishop T. Enright, *Letter*, April 26, 1902).

Ons het vroeër verwys na Polikrates en sy belydenis dat Christene, insluitend die dissipels van Jesus, die Pasgafees op die 14$^{de}$ van die eerste Joodse maand herdenk het. Die kerk van Rome het dit bevraagteken, want hulle wou die datum verander om te val op die fees van Ishtar (Easter/Paasfees). Die debat

het nie gegaan oor OF die Pasga gevier moet word nie, maar WANNEER dit gevier moet word. Die geskiedenis toon dat verandering van die Bybelse datum vir die Pasga met Paassondag die weg gebaan het vir die verandering van die Sabbat van die sewende dag van die week (Saterdag) na die eerste dag van die week (Sondag).

> "Die vroeë ontwikkeling van die herdenking van Paasfees en die gepaardgaande kwessies oor die kalender was grotendeels die resultaat van die Christenskap [of valse Christenskap] se pogings om hulself te onthef van Judaïsme. Sondag het reeds vroeg in die tweede eeu die Joodse sabbat [oftewel God se Sabbat] vervang. Ten spyte van pogings in Klein-Asië [deur Polikrates en andere] om die Joodse Pasga op die 14de Nisan te vier… het die Raad van Nicea die jaarlikse Sondag net ná die volmaan van die lentenagewening (21 Maart) aanvaar." (Vry vertaal uit Walter Elwell, editor, *Evangelical Dictionary of Theology*, "Easter," 1984).

> "Die ontheffing van die Heidense Christene van hul Joodse wortels was beïnvloed deur die onderdrukkende beleid wat die Roomse keisers ingestel het teen die Joodse bevolking en godsdiens, sowel as die lasterlike veldtog wat die Jode teen die Christene ingestel het. Hierdie faktore het die Heidense Christene aangemoedig tot 'n "Christelike" teologie van minagting teenoor die Jode as 'n volk en teenoor Judaïsme as 'n godsdiens. 'n Stel "anti-Joodse" literatuur is geskryf deur leidende Vaders wie die Jode as volk belaster het en hulle godsdienstige geloof en praktyke gestroop het van enige historiese waarde. **Twee groot "ongevalle" van die anti-Joodse veldtogte was die Sabbat en die Pasga. Die Sabbat is verander na Sondag en die Pasga is omskep in Paasfees**." (Vry vertaal uit Samuele Bacchiocchi, *God's Festivals in Scripture and History*, *The Spring Festivals*, p. 103).

Die heilige dae van God se kalender is in Christenskap vervang met vakansiedae wat oorspronklik die gode van sonaanbidding vereer het. Vandag is daar baie Christene wat onwetend die tradisies van mense volg en sodoende die gebooie van God verwerp. Vakansiedae soos Kersfees, Paasfees, Valentynsdag en Halloween is almal van heidense oorsprong en is nie aan ons deur God in Sy Woord gegee nie. Die hele wêreld ken hierdie feeste, maar hoeveel van ons ken die feeste soos deur God gegee in die Skrif (Lev.23)? Hierdie feeste gee aan ons die Heilige Gees in groter mate, dit herdenk God se

verlossingsplan en dit gee aan ons rus in ons kindskap van ons hemelse Vader. Hoekom ken ons hierdie heidense tye; terselfdertyd is ons oningelig omtrent God s'n?

> "Vanuit Rome het daar nog 'n toevoeging verskyn tot die afvalligheid van sonaanbidding. Die eerste Christene, meestal Jode, het voortgegaan om die Pasga te vier om die dood van Christus, die ware Pasga, te herdenk. Dit is voortgesit deur dié vanuit die Heidene wat hulle tot Christus gewend het. Dus was die viering altyd op die dag van die ware Pasga – die 14$^{de}$ dag van die eerste maand. Ongelukkig het Rome, en vandaar die hele Weste, die dag van die son (Son-dag) as die gedenkdag aangeneem… Die voorskrif van Rome was dat die herdenking [van Paasfees] altyd op 'n Sondag moet val – die Sondag die naaste aan die 14$^{de}$ dag van die eerste maand van die Joodse jaar [Aviv/Nisan]. Indien die 14$^{de}$ van die maand val op 'n Sondag, moet die herdenking nie gevier word op daardie dag nie, maar op die volgende Sondag." (Vry vertaal uit A.T. Jones, *Great Empires of Prophecy*, pp. 213-214)

Dit is interessant om te sien die Skrif dui aan dat nog 'n diermag sal opkom en "maak" (dwing af) dat die hele wêreld binne 'n aanbiddingstelsel van hierdie dier met tien horings, 'n herrese Romeinse Ryk, gebring word en "maak" (dwing af) dat sy "beeld" (beleid) aanvaar word. Sien Openbaring 13.

> Openbaring 13:15-16 En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat [wette afkondig] en maak dat [wette afdwing] almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. (16) En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n **merk** op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word.

Het ons nie gesien dat God se teken en wonderwerk die Sabbat is, wat verseël word op dieselfde plek as die merk van die dier – op ons hand en voorkop? Kan dit wees dat die merk van die dier iets te make het met die veranderinge van God se feestye en wette? Kom ons hoor wat Rome hiervan sê:

> "Dit is die **MERK** van ons gesag om God se wet te verwerp." (Vry vertaal vanuit Father Enright, *History of the Sabbath*, p. 802).

> "Die Katolieke Kerk beweer natuurlik dat die verandering [van Saterdag na Sondag] deur haar meegebring is. Hierdie handeling is

> die MERK van haar kerklike mag en gesag in godsdienstige aangeleenthede." (Vry vertaal uit C.F. Thomas, Chancellor of Cardinal Gibbons, *Faith of Our Fathers*, p, 14).

Moderne Protestante sê vandag presies wat die Roomse Kerk sê. In April 2015 het Reverend Dr. Demetrios Tonias van *The Lord's Day Alliance of USA* gesê:

> "Elke Sondag is, per definisie, 'n oproep tot Christelike eenheid omdat ons op hierdie dag tot gemeenskap met die Here geroep word, deur die Here ... Om die Sondag ten volle te benut as 'n **MERK** van Christelike eenheid moet ons ons definisies van eenheid uitbrei."

Die Katolieke Professor Malachi Martin verduidelik dat die Pous "daarop aandring dat die mens geen ander betroubare hoop het op 'n werkbare geopolitiese stelsel nie, tensy dit op Rooms-Katolieke Christenskap gebaseer is." (*Keys of This Blood* deur Malachi Martin, p.492). Sedert die val van hul magsposisie in 1798, het die Katolieke Kerk hul pogings verdubbel om die magsposisie van hul godsdienstig-politieke beleid te herleef en alle kerke te verenig. Die Pous sê dat, indien die wêreld se godsdienste ooit enigsins tot eenheid kom, sal dit op "Rooms-Katolieke Christenskap" gebaseer moet wees.

Hoewel dit nie aandui dat elke enkele lering verenig moet word nie, beteken dit dat die wêreld se godsdienste na een kerkhoof sal opsien – die Rooms-Katolieke Kerk (die Pouslike Stelsel) – en die "merk" van hierdie "Christelike eenheid" is die Sondagherdenking en die Sondag wys op die "Rooms-Katolieke Christenskap." Maar wat is dit presies?

> "Die leidende manne wat die Westerse Kerk opgebou het was amper almal Romeinse regsgeleerdes. Tertullianus, Cyprianus, Augustinus, Gregory die Grote (wie se geskrifte die brug bou tussen die Latynse Vaders en die Middeleeuse geleerdes) was almal persone wat op 'n vroeër stadium van hul lewens opleiding ontvang het as Romeinse regsgeleerdes, - 'n opleiding wat hul denkrigtings bepaal het, beide op teologiese en kerklike gebied. Hulle het alle vraagstukke hanteer soos suksesvolle regsgeleerdes. Hulle het soos regsgeleerdes na presiese definisies gesoek. Hulle het, volgens die denke van 'n regsgeleerde, geredeneer dat die primêre diens aan hulle opgelê is, om **gehoorsaamheid aan gesag af te dwing**; hetsy die gesag eksterne institusies is en of dit die korrekte denke is oor geestelike waarhede is. Geen deel van die Westerse Christenskap het hulself al

> suksesvol bevry van die towerspreuk wat op hulle geplaas is deur hierdie Romeinse regsgeleerdes van die eerste paar eeue van die Christelike kerk nie." (Vry vertaal uit Thomas Lindsay, *A History of the Reformation*, p. 168).

Die Sabbat en die Sondag verteenwoordig twee merktekens wat elkeen verwys na twee totaal verskillende regeringstelsels en hul feeste. Omdat die daad van die verandering van die Sabbat vanaf die sewende dag na die eerste dag van die week in byna al die mense se gedagtes deur die hele wêreld die "merk" van die Pouslike gesag in godsdienstige sake is, daarom is Sondagonderhouding die "teken" of "vlag" wat dui op 'n persoon se toewyding aan hierdie metodes om "gehoorsaamheid aan gesag af te dwing." Die Sabbat dui op die koninkryk van God, wat geskoei is op wette wat ontwerp is sodat waarheid en liefde heers, terwyl ander oorgelaat word om te maai waar hulle gesaai het, "òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid" en die lewe (Rom.16:6). Sondag het 'n rusdag geword, nie deur die ontwerp van God nie, maar deur mensgemaakte wetgewing en mensedade. Dit is 'n reël wat voorgesryf word; dit bring nie heiligmaking mee nie, maar wel slawe.

Deur te glo in hierdie metode van mensgemaakte dwang, sal die merk in jou "voorkop" (die simbool van jou redeneringsvermoë) aangebring word, terwyl dit op die "hand" aangebring word deur die toepassing van hierdie dier se metode (die simbool van jou werke of trou). Enigiemand wat nie hierdie metode, wat deur die Sondagvlag verteenwoordig word, glo en toepas nie, sal gedood word terwyl die wêreld verkeerdelik glo dat hulle God se geregtigheid toepas. (Openb.13:15). Johannes 16:2-3 sê Jesus, "Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie." Mag ons almal teen daardie tyd die karakter van Jesus hê met die gebed, "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." (Luk.23:34).

Ons wil weer graag beklemtoon dat ons nie vingerwys na enigiemand nie, maar na ONSSELF as 'n gesamentlike mensdom. In ons gevalle toestand besit ons almal dieselfde gees van die klein horinkie om "deur sy (ons) vindingrykheid [te] slaag met sy (ons) sluwe optrede." (Dan. 8:25, 1983-Vertaling). Sonder Christus in ons lewe vertoon ons die dier se antagonistiese gees, deur ons gebruik van mag en dwang en vergelding op ander. Dus benodig ons

gesamentlike bekering (vir die hele menslike ras), omdat ons nie glo in die liefde van ons Vader nie. Ons benodig rus in Sy boesem terwyl Hy ons sagkens leer omtrent ons selfsug en lei na ‘n weg van onvoorwaardelike liefde en diens aan Hom en aan ons medemense wie Christus gekoop het teen ‘n oneindige prys op Homself. Die genesing van ons sondebelaaide siele is ‘n pynlike ondervinding vir ons; ons kan slegs hierdie weg van totale herstel bewandel indien ons onwrikbaar glo dat God ons liefhet.

Die Sabbat is ontwerp as ‘n kanaal vir die teenwoordigheid van God. God se teenwoordigheid alleen kan ons heilig, nie net op die Sabbat nie, maar elke ander dag. Die Sabbat-Sewe-Beginsel is ‘n teken van ‘n leefstyl gebaseer op ons Skepper se beeld en gelykenis. Jou siening van God se karakter word ‘n weerspieëling van jou siening van jou verhouding met God. Is Hy ‘n Vader wat aandring op gehoorsaamheid aan ‘n stel reëls en wat straf vereis indien daar oortree word, selfs partymaal met die dood? Leef jy in hierdie soort vrees vir jou hemelse Vader waar gehoorsaamheid net ‘n verpligting is om Hom te weerhou van woede? Of is Hy ‘n onveranderlike nie-gewelddadige Vader, wie se wette ontwerp is om jou fisies en geestelik gesond en gelukkig te hou, Iemand wat jou laste help dra, wat jou help met jou foute en jou skuldgevoelens, wat graag wil hê dat Sy kind huistoe kom en kom rus aan Sy boesem?

> Jesaja 57:19 … vrede, vrede vir die wat ver en die wat naby is, sê die HERE; en Ek sal hulle genees.

Dit word duidelik waarom Satan die heilige feeste wou verander wanneer jy weet dat die kinders van God deur hierdie vasgestelde tye hernu word in hul gemoed in seuns- en dogterskap van God. Hulle betree die vreugde van die Vader vir Sy Seun wat Hy op die eerste Sabbat uitgespreek het. In Christus ontvang ons hierdie geestelike seën in sy volheid.

## Die Middernagkreet

Die gelykenis van die tien maagde in Matthéüs 25 speel 'n sleutelrol in die ervaring van God se mense net voor die genadedeur sluit.

> Matthéüs 25:1-6 Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. (2) En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. (3) En

> toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. (4) Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. (5) En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. (6) En **middernag was daar ’n geroep**: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!

Die verskil tussen die wyse en die dwase maagde is dat die wyse maagde ekstra olie in hul kanne saam met hul lampe geneem het. Die olie is 'n simbool van die Heilige Gees. Die wyse maagde het meer van die Heilige Gees ontvang as die dwases. Hoe ontvang hulle dit? Die wyse maagde staan op die maan, geklee met die son. Hulle reageer op die roepstem van Christus:

> Matthéüs 11:28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

Die wyses kom wanneer Hy hulle roep. Hier is 'n voorbeeld van Jesus wat roep:

> Johannes 7:2, 37-39 En die fees van die Jode, die huttefees, was naby. … (37) En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! (38) Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. (39) En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo…

Jesus het ‘n oproep gedoen gedurende die feestyd, want dit was 'n vasgestelde seisoen van die Vader om meer van die Gees te gee. Ons stel die feit dat ons op enige tyd, dag of nag, na Christus toe kan kom en tog sal die stem van die Gees ons spesifiek in hierdie tye roep, want hierdie is die seisoene van verkwikking wat funksioneer op die Sabbat-Sewe-Beginsel. Dit is seisoene wanneer die Gees, wat dan vrylik beskikbaar is, die Wet van God dieper in ons harte skrywe. Dit stel ons in ‘n ritme in ons verhouding met God, wat ons toenemende vertroue en stabiliteit en geloof in ons Vader gee.

Sommige van dié wat die fees bygewoon het, het die oproep beantwoord, terwyl ander dit verwerp het (verse 40-42), “Daar het toe verdeeldheid onder die skare gekom oor Hom.” (Vers 43). Let op dat Jesus gesê het, “soos die Skrif sê: **strome van lewende water** sal uit sy binneste vloei.” Hy het dit die volgende dag waar bewys, “…vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer.”

(Joh. 8:2). Net daarna het "die skrifgeleerdes en die Fariseërs … 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring" en Hom getoets oor die beginsels van die wet (vers 3-6).

Die Skrif sê, "maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe." (vers 6). Wat was die wese van die woorde wat Hy in die stof op die plaveisel van die tempel geskrywe het gedurende die tyd van die Huttefees?

> Jeremia 17:13 o HERE, Verwagting van Israel! **almal wat U verlaat, sal beskaamd staan**; wie van My afwyk, **sal op die aarde geskryf word**; want hulle het die HERE, **die fontein van lewende water**, verlaat.

Hulle het Hom, die Messias, verwerp, "die Here van die Sabbat." Dieselfde Een wat met Sy eie vinger op die kliptafels geskryf het (Exo.31:18), het nou op die plaveisel van die tempel met dieselfde vinger geskryf.

> Johannes 8:7-11 Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi. (8) En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. (9) En toe hulle dit hoor, het hulle, **deur hul gewete bestraf**, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. (10) En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? (11) En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.

Beide die Fariseërs en die vrou was van hul sonde oortuig. Die Fariseërs het weggegaan met skuld en selfveroordeling, terwyl hulle die vergifnis wat Jesus vrylik aangebied het, verwerp het. Die vrou het egter besef Wie Jesus was, en dat daar geen veroordeling van Hom of van Sy Vader gekom het nie; sy het in Sy *rus* inbeweeg as 'n dogter van die Allerhoogste en het van die kettings van sonde weggestap.

Christus se skeppingstem en Sy heilige vinger het oortuiging van sonde gebring. Lukas haal Jesus aan, "Maar as Ek deur die VINGER van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom."

(Luk.11:20). Daarteenoor haal Matthéüs Hom aan, "Maar as Ek deur die GEES VAN GOD die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom." (Matt. 12:28). "Vinger" is hier 'n Hebreeuse metafoor vir "Gees." Ons het gesien dat die Hebreeuse konsep "werk" voorgestel word deur "hand." Dus is die Hebreeuse konsep vir "vinger", omdat dit met die hand (en die werk) verbind word, 'n "gedetailleerde werk" aangesien die vinger meer akkuraat kan werk as die hele hand. Die "werk" van die Heilige Gees is die "fynwerk" (skryf met Sy vinger) wanneer die wet in ons harte en gedagtes geskryf word.

> 2 Korinthiërs 3:3 omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar **met die Gees van die lewende God**; nie op kliptafels nie, maar **op die vleestafels van die hart**.

God sê, verwysend na die ondervinding binne die Nuwe Verbond:

> Hebreërs 8:10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: **Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe**; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Die skrywe van Sy wet op ons harte is die fynwerk van heiligmaking om ons af te sonder vir heilige gebruik. Jesus het gesê die werk van Sy Heilige Gees is om ons te lei in alle waarheid (Joh.16:12,13), wat die vervulling is van die belofte: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my **insettinge** wandel en my **verordeninge** onderhou en doen." (Eség.36:26-27). Dus sien ons die natuurlike gevolg van 'n vervulling met God se Gees is om te wandel in harmonie met God se gebooie, Sy insettinge en Sy verordeninge. Die derde hoofstuk van Maleági word algemeen in baie Christelike kerke gebruik om mense op te roep om hul tiendes te betaal, maar die vierde hoofstuk behoort ook klem te dra:

> Maleági 4:4 Dink aan die **wet** van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—**insettinge en verordeninge**.

Net ná hierdie vers vind ons die volgende:

> Maleági 4:5-6 Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. (6) En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Die werk van Elija word gedoen as ons die wet van Moses weer in gedagte bring. Jesus het gesê dat Hy nie gekom het om enigiets van die wet te verwyder nie, maar eerder om dit te verhoog, om dit te eer en te vervul.

> Matthéüs 5:17-18 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. (18) Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

Geen deel van die wet sal ontbind word voordat die hemel en die aarde waarop ons nou woon, verbygaan nie. Die woord “voordat” dui nie aan dat dit ontbind sal word indien die hemel en die aarde vergaan nie, maar wel dat dit sal standhou deur die hele menslike geskiedenis tot en met die wederkoms van Christus.

Die wette wat deur Moses aan ons gegee is, is ‘n kosbare skat. Ek ondersteun Dawid ten volle wanneer hy sê:

> Psalm 1:1-3 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; (2) maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. (3) En hy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Deur te wandel in die Wet van die Here bring ‘n uitstorting van die Heilige Gees mee, sodat ons geplant word by die rivier van God se Gees. Kom, ervaar self dat die Here en Sy gebooie goed is.

## Uit die Duisternis Geroep[1]

Ek deel graag my getuienis oor die prag van God se vasgestelde tye en hoe dit my geseën het en my op my lewensreis gehelp het.

Net minder as drie weke nadat die "Twin Towers" in New York op 11 September 2001 vernietig is, het ek enkele lesings net noord van Sydney in Australië aangebied. Die aanbiedinge het twee koninkryke gekontrasteer. Die koninkryk van God voorsien aan ons waarde deur ons verhouding met ons hemelse Vader deur Christus. Die koninkryk van Satan skep waarde deur persoonlike krag, posisie en prestasie. Die val van Satan is voorgestel as die val van sy seunskap aan God in 'n siklus van waardelose leegheid. Die menslike ras het hierdie waardeloosheid geërf toe dit in sonde geval het. Die sleutel tot die oorwinning van hierdie koninkryk was om deur geloof in die Seunskap van Jesus in te beweeg. Die Vader het ons ware seunskap in Christus tydens Sy doop geopenbaar en ook in Sy konflik met Satan in die woestyn. Ons word aanvaar in die Geliefde (Efé. 1:6). Die woorde van die Vader aan Sy Seun by die doop is ook ons s'n deur geloof.

Watter gebeurtenis het aanleiding gegee tot al hierdie gedagtes in my? In die eerste helfte van 2001 het ek een Sabbatoggend gaan stap. Weens siekte kon ek vir 'n paar weke nie kerk bywoon nie. Terwyl ek stap, het ek begin dink aan die dag toe my oudste seun in die wêreld gekom het. Ek onthou die vreugde wat ek gevoel het toe my vrou hom aan my oorhandig het. Terwyl ek in sy oë gekyk het, was ek vasgenael deur hierdie bondeltjie vreugde in my arms. Ek het op daardie oomblik gebid. *Liewe Here, laat niks tussen my en my seun kom nie; ek wil net hê hy moet my ken vir wie ek is*. Terwyl ek daardie gebed onthou, het ek op daardie oomblik 'n stem in my gedagtes gehoor; *Adrian, so voel ek oor jou*. Dit het my heeltemal verras. Diep in my het daar 'n gees van weerstand opgewel. *Maar Here, hoe kan U 'n sondaar soos ek liefhê*? Die gedagte het my verskrik omdat ek in Jesus Christus geglo het vir die vergifnis van sondes, en tog, op 'n dieper vlak het hierdie twyfel opgeduik wat ek nooit geweet het bestaan nie. Toe my hemelse Vader 'n pad deur my seun gevind het om my te vertel hoe kosbaar ek vir Hom was, het dit my waardeloosheid na die oppervlak gebring; ek het myself bevind dat ek teen Hom veg selfs al wou ek nie. Die

[1] Dit is die persoonlike getuienis van Adrian Ebens.

woorde van my Vader het soos 'n vuur in my hart gebrand. Hierdie woorde het my waardeloosheid gekonfronteer en was ywerig om dit te verslind. Hierdie stryd het vir 'n paar minute voortgeduur totdat ek uiteindelik 'n stem in my gedagtes gehoor het, *Gaan jy my liefde vir jou verwerp*? Ek was weer verbaas en ek het dadelik my sonde bely en in my hart gesê, *Here, ek aanvaar U genade deur Christus se offer. Dit is net te wonderlik om dit te begryp, maar ek aanvaar dit*. Deur my seun het my hemelse Vader tot die kern van my wese gereik om Sy liefde vir My deur Sy Seun te openbaar. Hy het my gevoelens van waardeloosheid oopgegrawe en my hart gewen. Dit is baie interessant dat dit op 'n Sabbat was dat Hy Sy vreugde oor my deur Sy Seun uitgespreek het.

Alhoewel ek hierdie vryheid gesmaak het, sou die vyand nie oorgee sonder om amok te maak nie. Die vlamme van liefde sou tyd neem om my waardeloosheid te verteer. Hierdie nuwe gedagtes het my denkwyse heeltemal verander en my op 'n pad geplaas wat ek my nooit kon voorstel nie. Om die vryheid van ons kindskap in Christus te verkondig, is een ding, maar om te besef hoeveel die ander koninkryk jou hart besit, is 'n ander ding; ek het die Groot Stryd in die vorm van 'n identiteitsoorlog persoonlik in myself ontdek. Ek het myself bevind waar ek heen en weer verskuif tussen koninkryke, maar my bewustheid van my waardelose prestasiegebaseerde denke het duideliker geword. Elke keer wanneer ek in die verkeerde koninkryk geval het, kon ek na die oewers van die rivier kom en weer die stem hoor: "Jy is my geliefde Seun deur Christus Jesus." Ek het die sleutel tot die koninkryk gevind! Ek het my seunskap geërf deur Christus se Seunskap.

Hierdie nuwe ervaring van my ware seunskap aan God deur Christus, het my gebring by die Skrif waar Jesus die kinders geseën het. Die seën wat ek ervaar het in my ware seunskap het 'n begeerte in my gebring om ander te seën.

## Die Seën

By een van die kerke waar ek op daardie stadium as leraar gedien het, het ek die kinders uitgenooi om vorentoe te kom; een vir een het ek my hande op hulle gelê en hulle geseën. Ek het stil gebid voor elke gebed. *Here, wat wil U hê dat ek hierdie kind moet vertel*? Toe ek begryp dat die Vader Sy seën deur menslike kanale uitgiet, het ek die belangrike rol gesien wat ek moet speel om die Woord van God te spreek in die lewens van die gesinne in my gemeentes. My gebed was soos volg:

"Liewe Vader, dankie vir Marion. Sy is U kosbare dogter in wie U deur Christus, ons Here, behae het. Mag sy altyd weet dat U haar liefhet en haar die genade gee om haar ouers te gehoorsaam en mag sy grootword om 'n vrou van God te wees wat altyd staan vir wat reg is. Ons dank U in Jesus se naam."

"Vader, dankie vir Stefan. Hy is U geliefde seun in wie U ’n welbehae het, deur Christus Jesus. Mag hy weet dat ons lief is vir hom as 'n kerkfamilie en gee dat hy sy ouers altyd sal eer, dat hy sal grootword om die man van God te wees waarvoor U hom geroep het."

Ek sou dan 'n paar dinge byvoeg wat tot my gedagtes kom en die gebed afsluit. Die volgende oggend het een van die moeders my geskakel en gesê: "Weet jy wat my dogter nounet gesê het? Sy het gesê: "Mamma, ek is kosbaar." Waarna ek gevra het, "Hoekom is dit, Liefie?" "Omdat die leraar so gesê het," het die antwoord gekom. Ek het my dogter dit al soveel keer vertel, maar sy was nog nooit so beïnvloed soos deur gister se gebeurtenisse nie."

Dit was 'n sentrale oomblik vir my. Die gedagte het by my opgekom, *Nou weet ek wat dit beteken om 'n leraar (en herder) te wees*. Die lig het begin skyn op die rol van vaders, ouderlinge en leraars.

Jakobus 1:27 Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou vlekkeloos te bewaar van die wêreld.

Reine en onbesmette godsdiens van die ouderlinge en vaders in die kerk is om die wese en die weduwees te besoek en aan hulle die woorde van die Vader te spreek. Dit is hulle *plig* om hulle te vertel dat die Vader hulle liefhet en dat hulle vir Hom kosbaar is. Dit is wat 'n mens vlekkeloos bewaar van die wêreld. Dit is die beginsel van die seën wat onderliggend is aan een van die sleutel-kwalifikasies van 'n ouderling in die kerk:

1 Timótheüs 3:4-5 …een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. (5) Maar as iemand nie

> weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

As 'n man nie weet hoe om sy vrou en kinders te seën nie, hoe kan hy dan die kerk seën en versorg? Om 'n seun van Abraham te wees, het 'n hele nuwe betekenis in die konteks van die seën aangeneem.

> Génesis 12:2-3 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. (3) En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Ek het 'n begeerte gehad om hierdie vreugde in my hart te deel met ander as een wat geroep is deur ons Vader. Soos wat ek mense opgeroep het om die seën te ontvang, het ek agtergekom dat hierdie seën gedurende die Sabbatsure meer is.

Ek het eers baie jare later die feeste bestudeer en aanvaar; ek het gewonder of hierdie ondervinding van seën ook gedurende hierdie tye sou plaasvind.
Ek is uitgenooi as spreker na 'n Huttefees. Ek het besluit om mense uit te nooi om vorentoe te kom om die seën van gebed van die Vader te ontvang op die Sewende Dag Sabbat gedurende die Huttefees. Dit was 'n fees gedurende 'n fees. Die Sabbatdag self was 'n fees gedurende die uitgebreide Huttefees.
Die uitstorting van die Gees was fantasties. Daar was nie 'n groot opwinding nie. Daar was 'n kalm, sagte, liefdevolle vreugde onder die mense terwyl hulle vorentoe gekom het om gebed te ontvang en te hoor dat hulle geliefde kinders van die Vader is. Dit was voorwaar 'n groot Sabbat. Johannes verwys na die Sabbat gedurende die Fees van Ongesuurde Brode as 'n groot Sabbat.

> Johannes 19:31 En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was—want die dag van daardie sabbat was groot...

Die rede vir die groot dag is die hoë gety van die Gees van God wat beskikbaar is gedurende hierdie tye. Ons gee eer aan die Vader wat Sy groot liefde op ons uitstort gedurende hierdie tye wanneer Hy ons roep.

Dit is waar dat ons Vader ons altyd liefhet en ons kan dit altyd uit Sy Woord ontvang. Nogtans is daar spesiale tye wanneer ons uitgenooi word om hierdie liefde deur Sy Gees in groter mate te ontvang.

As ek oor my lewe terugkyk, sien ek spesiale tye wanneer ek besluite geneem het om op waarheid te reageer, om nader aan die wil van God te wandel. Baie hiervan het gebeur gedurende die vasgestelde tye van ons Vader. Ek het eers later hiervan bewus geword.

## Slot

Die Sabbat en die Feeste is ‘n fontein van seën vir ons. Dit is spesiale tye wanneer ons Vader ons nader trek deur Sy Seun en ons in Sy arms vashou en ons seën.

> Romeine 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

Dit is die seën wat ons die seël van God sal gee, want ons word met die Vader se naam of karakter verseël. Terwyl ons rus vind in Sy arms, word ons verander om soos Sy Seun Jesus te word en al ons vrese sal verdwyn. Net soos wat die Seun van God die Vader se heerlikheid is, net so is die feeste die heerlikheid van die Sabbat.

Ons sal krag ontvang om op te staan teen die dier en sy beeld wat die wêreld sal dwing om op ‘n Sondag te aanbid en om sy feeste te vier. Sulke optrede sal die fontein van seën en die seël van God van die mense verwyder, iets wat juis benodig word vir redding.

Laat ons stewig vashou aan die fontein van seën in die sabbat en die feeste van ons Vader. Laat ons die deur oopmaak sodat die Seun van God kan inkom en saam met ons feesvier en by ons woon.

> Openbaring 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

# Fontein van Seën

*Betree God se Rus deur die Kanaal*
*van Sy Vasgestelde Tye*

Die Woorde wat die Vader met Sy Seun by Sy doop gespreek het, weerspieël die seën wat Hy op Hom uitgestort het op die eerste Sabbat gedurende die Skepping. Die Vader verheug Hom daagliks in Sy Seun, en die Seun verbly Hom in Sy Vader. Op die Sabbat het die Vader op Sy Seun geblaas en die Seun was verkwik in die liefde van Sy Vader. Hierdie intieme band tussen Vader en Seun is permanent in die Sabbat geplaas, en elke Sabbat blaas die Vader Sy verkwikkende rus op Sy Seun en almal wat die Seun aanvaar.

Die liefde van die Vader vir Sy Seun is altyd daar, maar vind uitdrukking op sekere vasgestelde tye wat die Sabbatsbeginsel reflekteer. Gedurende hierdie vasgestelde tye betree ons die Vader se vreugde in Sy Seun. Wanneer ons deel word van die vrou wat op die maan staan en geklee is met die son (Openb. 12:2), ken ons die tye en die seisoene van verkwikking wat van ons Vader se troon gestuur word.

Ons Vader roep ons nou tot 'n meer volledige Sabbatservaring. Ons word geroep tot alle geestelike seëninge in Christus Jesus as kinders van Abraham (Gál.3:27-29). Jesus sê vir ons, "Kyk, ek staan by die deur en klop" en Hy klop op die vasgestelde tyd. Sal jy vir Hom oopmaak en saam met Hom maaltyd hou?